

Hoofstuk 1.3

WYER HORISONNE ... EN DONKER WOLKE

Die aan zijn mond ontlieppen.

(1889-1898)

Ons Journaal

Deze week is voor ons eene o
rolle. De Leeraren aan
langen der School zij
gullen tezamen ho
langen te behartig
vol daar dat de
van onzen onver
zal uangeru
thans tijdelijk.
sen zyn in de
die spreekt en
en het staatr.
dat die plaats
aangevuld worde.
schap is het ons da
de achtbare oudste dr
aan de spits zal treden en een eersteling des wryskz zyn

lie gaan eveneens een be
ryk School jaer te gem
scheidene Studenten
zich voor gewich
Laken wij "al.
't zelfde huis"
en in onze ge



"De leus onzer School is: Gereformeerd en Nationaal, Gereformeerd en Afrikaansch, en zoolang die leus
zoolang lief en vastgehouden wordt, zal de School eene toekomst hebben."

- Prof Jan Lion Cachet, feesrede 30 November 1889

"Een heerlijke toekomst opent zich voor Zuid Afrika, voor u, en gij, zonen des lands! De eer, maar ook de verantwoording rust op u om Zuid Afrika hare plaats te doen innemen in de rei der volkeren. God heeft u geroepen om een groot werk te doen voor Kerk, land en volk. Gij zijt geroepen om het gebouw van onze nationaliteit te helpen oprichten, wee u zoo gij de hand laat verslappen, uwe toekomst verspeelt en niet bouw op den eenigen hoeksteen Jezus Christus! De ruïnen van uwe Kerk; de puinhopen van uw land en volk zullen eens teen u getuigen."

- Prof S Postma, intreerde 12 Julie 1890



1.3.1 Twintigste herdenking, 1889


Die twintigjarige bestaan van die Teologiese Skool is op Saterdag 30 November 1889 feestelik herdenk, onder meer deur 'n "Entertainment" aangebied deur die Studente Letterkundige en Debats Vereniging, wat pas in Augustus tot stand gekom het.¹ Op die keper beskou, was daar na die uiterlike dalk nie veel om oor opgewonde te raak nie: in die twee dekades sedert stigting was daar slegs 47 ingeskreve studente, waarvan twee oorlede is, terwyl 12 as predikante afgestudeer het.

In 'n verslag oor die voorafgaande 20 jaar wys Postma daarop dat 11 studente, "na eenigen tijd met vrucht geleerd te hebben", in ander beroepe getree het: vyf van hulle, sommige waarvan met die gouernementsdiploma, het tot die onderwys toegetree en drie het "overgegaan voor het ambt van Procureur-Notaris". Twee studente het die tussen-BA (kwalifiserende eksamen) met lof geslaag, terwyl een – S Postma – die BA-graad met lof verwerf en topplek op die kandidatels van die Kolonie ingeneem het. Die huidige studentetal was 14, waarvan een in teologie, een vir BA, vier vir matriek en agt in die voorbereidende klas.²

Postma het ook in sy verslag gewag gemaak van die reorganisasie tydens die 1876-sinode, toe voorsiening gemaak is "dat, behalwe voor predikanten, ook personen voor litterarische graden aan die school kunnen bevorderd word". Die motivering hiertoe was om direk nuttig te wees vir die maatskappy sowel as vir die kerk, sê Postma, en voeg betekenisvol by: "Hierin heeft de Kerk metterdaad getoond dat ze niet van een bekrompen inzicht op wetenschappelijk gebied uitgaat."³

In sy feesrede het prof Jan Lion Cachet, voorsitter van die kuratore, die hand in eie boesem gesteek: "Zelfonderzoek is noodzakelijk; zonder dit is de feestviering gevaarlijk."

Hy erken ruiterlik dat daar rede tot kommer was, veral vir sover dit onderrig op die breër terrein van



1.3.1

JL Cachet. Hy het in 1889 die visie en missie helder uitgespel.

die wetenskap betref. Die groot probleem was dat daar te min studente was. Allerlei redes is voorgehou, soos afstande, huisvesting en koste, maar na Cachet se mening was die kern van die saak dat die behoefté aan onderwys op Bybels-gereformeerde grondslag nie sterk genoeg was nie. Hy doen gevvolglik 'n beroep op alle Gereformeerdes en inderdaad alle Christene in die land: "Laat julle seuns tog in die waarheid onderwys word, sodat die waarheid ons sal regeer."⁴

Tydens hierdie feesgeleentheid het prof Cachet belangrike uitsprake gemaak oor die doel met en die gees en karakter van die Teologiese Skool:

- "Ons doel was echter tweevoudig: allereerst, wilden wij dienaren voor de Kerk vormen; maar tegelijkertijd wenschten wij algemeen nuttig te zijn. Zal de jongeling zijn weg zuiver houden naar Gods Woord, dan moet hij ook leeren om in en door de wetenschap God te dienen. De Bijbel moet grondslag zijn van alle onderwijs en daarom stichten wij, twintig jaar geleden een school op den Bijbel gegrond om alzoo voor land en volk nuttig te kunnen zijn, en de waarheid Gods ook in Zuid-Afrika te handhaven."
- "Het doel, dat wij als opzichters ons voor oogen stelden, werd nooit uit het oog verloren; wij streefden er altijd naar om beter onderwijs te verschaffen, een in hooger graad van kennis en wetenschappelijke ontwikkeling te verkrijgen. In rechtzinnigheid bleven wij wat wij waren, de richting der School is na twintig jaren even Gereformeerd, even Nationaal als toen wij begonnen."
- "Alles vraagt meerdere ontwikkeling, de goudontdekkingen in den laatsten tijd geven eenen krachtigen stoot. Ik herhaal het: zullen de Afrikaners blijven bestaan, dan moeten onze zonen altijd meer en meer in staat zijn om de voornaamste plaatsen te bezetten. Zij moeten het land besturen en verdedigen. De stroom die van buiten komt is sterk en de strijd des levens zal in menig opzicht voor onze kinderen zwaarder zijn dan voor ons; daarom moeten zij tot dien strijd in staat gesteld worden, en zeker, is goede Gereformeerd, Afrikaansch onderwijs een wapen, dat in dien strijd niet bedriegen zal. Zoodanig onderwijs wenscht onze School te geven. Andere inrichtingen in dit land mogen in staat zijn, geholpen door de omstandigheden, om meer en in zekere opzichten beter onderwijs te geven; waar het op aankomt om het heil van land en volk te bevorderen treden wij voor niemand achteruit. De leus onzer School is: Gereformeerd en Nationaal, Gereformeerd en Afrikaansch, en zolang die leus vastgehouden wordt, zal de School eene toekomst hebben."



Verwysende na die finansiële aspek, hou Cachet vol dat staatshulp nie aangeneem mag word nie en dat dit steeds groot opofferinge sal verg. Hy wys ook daarop dat die Gereformeerde beginsels “in onzen tijd, in ons land niet zeer geacht” is nie: “Al wat om ons is zoekt ons af te trekken ... “Achterblijvers”! zie daar den naam dien men ons geeft.” As “achterblijven” nie ‘n krampagtige vashou aan die oue is nie maar ‘n bewaring van die goeie, dan is daar geen nood nie, sê hy, en voeg daaraan toe: “Wij weten, dat gisteren niet wederkeert; maar wij weten ook, dat de waarheid eeuwig is, en dat de waarheden vroeger beleden, al worden zij nu geloochend, niet sterven kunnen. Omhoog dan met de banier der waarheid en dat omhoog heffen is vooral uw taak, o jongelingschap!”⁵

Nooit voorheen nie, en weinig kere, indien ooit daarna, is die gees en karakter, die visie en die missie van die Teologiese Skool in sy wydste omvang (en dus insluitende die wordende universiteit) so helder en klinkklaar uitgespel. Kort en kragtig saamgevat: Gereformeer (Christelik) en Nasional (Afrikaans).

1.3.2 Rondvallery met huisvesting

Soos reeds gesien, het die noue verbintenis tussen die Teologiese Skool en die Vrye Christelike Skool (VCS) daartoe geleid dat die kuratore en die kerkraad teen die middel tagtigerjare kragte saamgespan en die ou hofgebou aangekoop het, vir gemeenskaplike gebruik deur die twee instansies. Twee van die vertrekke is deur die VCS gebruik terwyl die ander drie deur die Teologiese Skool benut is.⁶

Vir die tiental studente en die twee professore, wat vir die ingebuikneming seremonie op 1 September 1886 in optog beweeg het vanaf die lesingsaal (“het Colegio Lokaal”) by die woning van prof D Postma, moes die groter ruimtes soos ‘n luukse gevoel het, ‘n welkomme verandering vanaf die beknopte buitekamertjes in die agterplaas van die professor se woning. En wat meer is: “boven den ingang van ons poortjie pronkte de naam van onze School ...”⁷

‘n Eerstejaarstudent van 1891, JGH van der Walt, vertel later só van hierdie ervaringe: “n Mooi indruk het dit op mij gemaak toe ik die eerste dag die poort van die skool intree en mij oog val daar op die letters, in rooi en blaauw, in ‘n half-sirkel om die poort geskilder: ‘Theol. Skool der Geref. Kerk in Zuider-Afrika’.”⁸

Een van die drie vertrekke wat die Teologiese Skool betrek het, is as biblioteek ingerig, vir die ongeveer 400-500 teologiese en letterkundige werke in verskeie tale. ‘n Ander vertrek is aan die teologiese professor toegeken, “zeer net ingericht voor zijne afdeeling”, terwyl ‘n ruim lokaal, wat gemaklik 30 studente kon

bevat, aan die professor literarum toegeken is. “Dit departement”, sê die waarnemer, “is zeer wel voorzien met schoolmeublement en de noodige boeken voor het klassiek, wetenschappelijk en letterkundig onderwijs. In al de departementen waren een rijk aantal kaarten op te merken, staatkundige en natuurkundige.”⁹

Die gebou wat met die VCS gedeel is, het as gevolg van die snelle uitbreiding van albei inrigtings spoedig ondoelmatig geword en was boonop ook nie in ‘n goeie toestand nie. In ‘n verslag aan rektor Cachet beskryf Postma die gebou as “zeer ongeschikt voor de uitgebreide en zoo zeer verschillende werkzaamheden der klassen”. Die klein lokale is nadelig vir die gesondheid en ongeskik vir die afname van eksamsens.¹⁰

Ook die tweede pastorie of rektorswoning, soos dit nou bekend gestaan het, was maar baie bouvallig en het reparasies gevorg. Die kuratore het gevolglik besluit om die Teologiese Skool se gedeelte aan die VCS en die kerkraad van die plaaslike Gereformeerde gemeente oor te dra en het ‘n kommissie opgedra om planne op te trek vir ‘n nuwe skoolgebou en rektorswoning.¹¹

Prof Cachet het intussen in oorleg met die bestuur van die VCS ‘n alternatiewe, tydelike reëling getref vir die huisvesting van die Teologiese Skool.¹² Hoewel die aard en ligging hiervan nie in die genoemde bronne aangedui word nie, blyk dit die huis te gewees het van ‘n sekere Tom Warner, geleë langs ‘n Indiërwinkel.¹³

Oudstudent JGH van der Walt herinner hom later die verhuis “naar ‘n kamer wat aan ‘n sekere ou Wagenaar (bedoelende waarskynlik Warner) behoort het”. Die herinneringe was nie alte aangenaam nie en vlooie het die lewe byna ondraaglik gemaak, en daar is terug verlang na die beknopte ruimte in die pastorie se agterplaas, wat immers “tog rein” was. Volgens Van der Walt sou wyle prof Dirk Postma hulle nooit in so ‘n plek laat beland het nie.¹⁴

En tog was daar ook die liggende sy, het die onnusige studente die lewe maar bra ongemaklik gemaak vir die Indiër-sakeman, “onze donkere buurman”, wie se perseel slegs met “een dunne blikmuur” afgeskei was. “Alles wat voor ons hinderlijk was ging natuurlik over den muur ... Die storie werd hij al lang moeg, en hij wachtte net op een gelegenheid om ons bij de Proffs. aan te klagen.” Sy kans het toe gekom, en wel nadat die kwajong-studente sy hoenderhaan “klets nat in een der voorste lessenaren gestopt te hebben” en ‘n groot tenk met reënwater omgekeer het sodat dit sy erf oorstrom het. “De koelihoenderhaan had met zijn benauwden schreeuw den Prof. Lit. van streek gebracht” en die eienaar het nie net by die rektor gaan kla nie, maar ook gedreig om die studente by die magistraat te gaan aankla vir “molestasie”. Daarby het



dit egter gebly – maar by die studente was dit voortaan ‘n ernstige saak “om onze donkere buurman wat minder lastig te vallen”.¹⁵

Die onsekerheid oor die toekoms van die Teologiese Skool het ook gereflekteer in die kuratore se versoek vir fondse (‘n bedrag van £2 000) ten einde, vanweë die swak toestand van die bestaande geboue, ‘n nuwe pastorie en ‘n skoolgebou op te rig.¹⁶ Die kommissie het egter gevoel dat, “met het oog op de al of niet verplaatsing” geen nuwe geboue opgerig moes word nie maar dat die betrokke geriewe gehuur word.¹⁷

In die praktyk het sake egter anders uitgewerk. Die huis van die teologiese professor, wat reeds in 1894 as “in uiterst zwakken toestand” beskryf is, het intussen ineengestort. ‘n Huurhuis was nie te vinde nie en die kuratore moes teen wil en dank die ou huis sloop en ‘n nuwe oprig. Omdat die ou gebou waarin klasse gegee is, “geheel ongeschikt en te klein” geword het, is ‘n ander gebou gehuur, vir £30 per jaar.¹⁸

In Februarie 1895 word berig dat ‘n nuwe gebou vir die Teologiese Skool, wat ‘n groot verbetering sal wees, voltooiing nader – soos ook die geval met die nuwe woonhuis van prof Cachet.¹⁹ Hierdie ander gebou was heel waarskynlik die eiendom van mev Cachet. In Junie 1895 het die kuratore besluit om “het gebouw van mev Cachet ... waar op het ogenblik de School is”, te huur teen £25 per jaar.²⁰ In Februarie 1897 dien daar voor die kuratore ‘n aanbod van die kant van prof Cachet dat die kuratore “het gebouw thans in gebruik voor eene schoollokaal, en behorende aan zijne echtgenoote, krijgen kan voor £400”, of dit huur teen £30 per jaar. Die kuratore het die saak na die sinode verwys, wat ‘n aanbeveling om te huur goedgekeur het.²¹

Ds Dirk Postma du Plessis, wat die eeuwending as student van die Teologiese Skool meegebaar het, het in sy herinneringe die gebou van die Skool beskryf as “‘n eenvoudige boerewoning op die dorp met drie vertrekke, wat as klaskamers gedien het. Die ruimste kamer was ook ons studentesaal vir vergaderings”.²²

Om die prentjie te voltooi, vir sover dit lesinglokale betref, word gelet op die latere herinneringe van Totius, wat vanaf 1896 tot 1899 aan die Teologiese Skool gestudeer het. Dit bied ook insig in die omstandighede waaronder destyds gestudeer is. Totius vertel: “Die skoolgebou (eintlik as woonhuis bedoel) het aan die oostekant van die dorp gestaan, op een na die laaste (huis?). Ons huisvesting: drie kamers, ‘n lang een agter, oor die volle lengte, en voor twee, een daarvan meteen biblioteek. Hier het kolleges gegee prof. S. Postma saam met sy toenmalige assistente ... Ons kollegekamer is die professor (Cachet) se studeerkamer. ‘n Teol. Skoolgebou was daar nie. Só ‘n klaskamer het sy voordele. Meer vertroulik is

die onderrig. Tussen lewenswysheid en boekkennis lê dan maar een skrede ... ‘n Ander voordeel wat die studeerkamer bied: Die ryke biblioteek van die professor is dadelik by kwestieuse punte tot beskikking van meester en dissipels. In sy studeerkamerstoel, soms met die voete bo-op die tafel, was die professor op sy gemak. Sy pyp was altyd byderhand ... Aan sy regterkant het ‘Grotto’ die geliefde hond gesluimer...”²³

1.3.3 Akademiese verwikkelinge

In Julie 1889 word daar geskiedenis gemaak toe, vir sover vasgestel kon word, die eerste nie-Gereformeerde, die 18-jarige Frederik Hopley, met spesiale verlof van die kuratore as student aan die Teologiese Skool inskryf. Of Hopley, wat voorheen aan die St Andrew’s College in Grahamstad gestudeer het maar nie sy matriek kon slaag nie, en wie se ouers aan ‘n Engelse kerk behoort het, dalk probleme gehad het met die gees en karakter van die inrigting en of daar enige ander redes was, kon nie vasgestel word nie, maar einde November dieselfde jaar het hy sy studies elders gaan voortsit.²⁴ In die kort tydjie wat hy student was, het hy aktief aan die verrigtinge van die Studente Letterkundige en Debats Vereniging deelgeneem.²⁵ Twintig jaar later, in Januarie 1908, hanteer ‘n Frederik Hopley die oordrag van vier morge grond namens die prokureursfirma Fleischack’s in Potchefstroom in naam van die Teologiese Skool, wat nou te Potchefstroom gevestig was.²⁶ Sou dit moontlik tog dieselfde persoon wees?

Twee verdere verwikkelinge in die groeiende Postmase, vir sover dit die geskiedenis van die Teologiese Skool en die Literariese Departement betref, speel hulle rondom die dekadewisseling tagtig/negentig af.

Eerstens volg prof Marthinus Postma, wat in 1889 die proponentseksamen met goeie gevolg afgelê het, in die voetspore van sy ouer broer Petrus en neem hy ‘n beroep na Middelburg, Kaap aan. Sy vertrek het ‘n groot leemte gelaat. Hy was baie konsensieus en gewild onder sy studente maar ook in die breër gemeenskap, by Hollands- en Engelssprekendes. Hiervan getuig onder meer die welmenende bewoording sowel as die name op die afskeidsadres van die lede van die plaaslike Letterkundige en Debatsvereniging.²⁷

Marthinus Postma se goeie menseverhoudinge, sy belesenheid en sy rustige geaardheid het hom ‘n gewilde keuse gemaak as funksionaris tydens openbare vergaderings. So byvoorbeeld het hy in Februarie 1881 as scriba (sekretaris) opgetree saam met die gewilde plaaslike parlementslid, Jotham Joubert, toe die oorlogstoestande in Transvaal op ‘n openbare byeenkoms onder die loep geneem is. In Maart 1883 is hy, op versoek van Joubert, voorsitter van



**
(UIT DE "BURGERSDORP COURANT.")

OP 24 December, jl., kwamen verschillende vrienden te zamen in de Club Room toen het hiervolgend adres door den Voorzitter van de Letterkundige Vereeniging Dr. Kannemeijer voorgelezen werd. Ds. Postma antwoordde in het kort en zond later een geschreven antwoord:—

DEN EERW. M. POSTMA, M.A., Professor Litterarum, Theologische School, Burgersdorp.

WAARDE HEER,—Wij, de ondergetekende inwoners van Burgersdorp, kunnen u niet laten vertrekken zonder u ons diep gevoeld, leedwezen over uw heengaan te kennen te geven.

Gij hebt altoos ernstig belang gesteld in de welvaart van de gemeenschappelijke burgerij, maatschappelijk zoowel als anderszins. Gij zijt een bekwaam, waardig en voornaam lid van onze Letterkundige en Debat-vereeniging geweest, een ernstig werker voor, en milde gever aan onze Publieke Bibliotheek; en het is onnoodig voor ons u te zeggen dat gij zeer dikwils gemist zult worden en dat de wensch naar uwe terugkomst in ons midden algemeen zal zijn.

Gij zijt altoos een groot bevorderaar en vaardig helper geweest in eenigen maatregel strekkende tot de bevordering van het onderwijs van dit dorp en district, er en zijn weinigen die niet den invloed van den vriendelijken en vertrouwbaren vriend dien wij in u gevonden hebben, gevoeld hebben.

Wij mogen waarlijk zeggen—en gij weet zonder vleien—that gij getrouw en orecht het heil van onze burgerij beoogd hebt door conscientieus te vervullen de plichten die op u, als een publiek man rustten, en toch niet door zulke verplichtingen u geheel te doen nitsluiten van het deelnemen in de maatschappelijke gezoegens die hier genoten worden.

Hebben wij de eer ons te noemen,

WAARDE HEER,

Uwe trouwe vrienden en heilwenschers,

Alex. Stewart
D. Postma, sr.,
Wm. Russell,
H. Kannemeijer,
Emil Hoffa,
A. W. Fincham,
John Mackaj,
G. Steijr,
Edm. Ellenger,
J. Blake,
Fred. Hoffa, J.P.
James R. Cuthbert,
Chas. Edmonds,
Geo. E. Whitej,
James Shorten,
C. D. Hall,
C. Schweppenhäuser,
Henrij Wilson,
Carl Fehr.

Chas. Lance,
Wm. A. Sutton,
Major Beamish,
C. A. Schweizer,
D. V. Kannemeijer,
Fred. Knight,
E. Jukes Knight,
P. M. Kidwell,
M. P. A. Coetsee, jr.,
Wm. Cormack, v.d.m.,
J. Freemantle,
F. R. Tennant,
Geo. Batchelor,
C. Hennings,
G. Nissen,
Theo. Greenway,
Alf Harmsworth,
W. R. Freemantle,
Danl. R. Kannemeijer.

'n vergadering van die Boere Beskermings Vereniging (BBV) en die Afrikaner Bond, hierdie keer oor die Basoetoeland-kwessie. Na nog 'n openbare vergadering vroeg in Januarie 1884 word Postma hartlik bedank vir sy "degelyk onpartijdige en geduldige leiding" tydens die byeenkoms.²⁸

Stephanus Postma, die man wat in 1885 die akademiese oë laat rek het met sy toprestasie in die BA-eksamen en wat vanaf 1888 as assistent in die departement werkzaam was,²⁹ is deur die kuratore as halfbroer Marthinus Postma se opvolger in die Literariese Departement aangewys.

'n Drama in die kleine het hom ook in hierdie benoemingsprosedure afgespeel, op 29 November 1889. Niemand minder nie as sy ander halfbroer Petrus – wat vanaf 1877 tot 1880 die eerste bekleer van hierdie pos was – was saam met Stephanus op die kuratore se tweetal. Maar voordat tot stemming oorgegaan word, ontstaan daar tweespalt en 'n woordstryd tussen veral prof Dirk Postma en ds MPA Coetze (jnr), en wel oor die prosedure wat gevolg sou word. Eers is besluit dat die pos deur benoeming en nie deur applikasie nie gevul sal word. Coetze se voorstel, dat slegs 'n voorlopige benoeming gemaak en dit vir goedkeuring aan die volgende sinode voorgelê word, is afgestem.³⁰

In die eerste ronde was daar 'n staking van stemme, drie elk. By herstemming het een kurator sy lojaliteit na Petrus geswai en het die ouer broer dus die groen lig gekry. Omdat Petrus skynbaar nie dadelik die betrekking kon opneem nie, is Stephanus gevra om tot Mei 1890 waar te neem, teen die salaris van die professorale pos.³¹

Vroeg in Mei 1890 laat weet Petrus egter dat hy nie die betrekking kan aanvaar nie en word 'n brief van Stephanus voorgelees, waarin hy hom bereid verklaar om die pos te vul. Maar nee, daar word tog verkiesing gehou – hierdie keer met ander halfbroer en nog 'n voormalige bekleer van die pos, Marthinus Postma, as teenkandidaat! Stephanus het wel die pyp gerook, met vier stemme teen twee, en dadelik die pos aanvaar. Alles was egter nie pluis nie. Waarom is eers Petrus, en veral Marthinus – wat dan pas tevore die pos ontruim het – weer in die prentjie gebring? En was dit met sy medewete?³² Dit wil-wil lyk asof hard probeer is om Stephanus uit die pos te hou ...

Hoe ook al, só gebeur dit dan dat 'n derde seun die eer het om saam met die vader leerstoel aan die Teologiese Skool te beklee. Minstens vir daardie tyd moes dit seker een of ander rekord gewees het.

'n Tweede en droewiger episode in die Postma sage



1.3 Wyer horisonne... en donker wolke (1889-1989)

was die afsterwe van Vader Dirk, op 28 Desember 1890. Wat die Gereformeerde Kerk, die Teologiese Skool en die Literariese Departement en universiteit in wording betref, het 'n seder geval.

Die sterk persoonlikhede en dryfkrag van veral prof Dirk Postma sedert 1869 en seuns Petrus en Marthinus in die laat sewentiger- en tagtigerjare het dinge laat gebeur; daar is steeds gepoog om die standaarde te verhoog en die gehalte van die onderrig te verbeter. Saam met skoonseun en swaer Cachet het hulle te alle tye alles feil gehad vir Hollands as akademiese taal en vir Christelike hoër onderwys.³³

'n Baie interessante verskynsel openbaar hom weer by die aanwys van 'n opvolger vir wyle prof Postma as professor in teologie: drie van die sewe genomineerdees by die eerste stemming is Nederlanders, te wete die bekende prof Herman Bavinck van die Teologiese Skool van Kampen, asook twee van sy ander kollegas, proff M Noordzij en L Lindeboom. Maar soos in vorige gevalle, haal hulle nie die kortlys nie en word ds Marthinus Postma met 'n volstrekte meerderheid bo di J Lion Cachet en MPA Coetzee (jnr) as sy pa se opvolger aangewys.³⁴

Marthinus Postma het egter nie sy weg oopgesien om weer aan die Teologiese Skool te arbei nie en die kuratore het gevolglik vir ds Cachet, nou predikant te Steynsburg, vanaf Mei 1891 as waarnemende professor in teologie benoem.³⁵

Die aanwysing van Cachet om sy oorlede skoonpa se skone vol te staan het skynbaar tot groot onmin geleei, en wel rondom die persoon van ds MPA Coetzee (jnr), predikant van Burgersorp en die man wat as kurator vir 'n kort tydjie Postma se bestuursfunksies aan die Teologiese Skool oorgeneem het.³⁶ Van sy ondersteuners, en skynbaar Coetzee self ook, het blykbaar gevoel dat die professoraat hom toegekom het. Coetzee se opsegging van sy kerkverbintenis kort nadat die vakature gevul is en gerugte dat prof Cachet 'n lid van die omstrede Vrymesselaarsbeweging was, en waarby ds MPA Coetzee (snr) betrokke was,³⁷ het besmoontlik ook verband gehou met hierdie onmin.

Herinneringe van 'n tydgenootlike student, JGH van



1.3.3

Prof. Herman Bavinck was saam met Kampen-kollegas M Noordzij en L Lindeboom op die lys van kandidate om wyle prof Dirk Postma op te volg.



1.3.4

Pa en seun figureer sterk in twiste en onmin rondom dosente. Ds MPA Coetzee (jnr.) het gemeen die professoraat kom hom toe, terwyl sy pa, ds MPA Coetzee (regs), betrokke was by Vrymesselaarsbeskuldiging teen Cachet.

der Walt, vertel van die impak van die gebeure op die studente: " 'n Ander oorsaak van verdeeldheid, miskien nie so gevaelik nie, maar ook droewig genoeg, was die rusie in die kerk oor die amp van Professor Theologicus. Daardie tyd het ons skool 'n gevaelike krisis deurgemaak. Dit het op die dood van Prof. D. Postma gevolg. Tydelik het die kuratore die **pastor loci** [ds. Coetzee] aangestel. Later het die Sinode iemand anders benoem. Die het bedank. Toe was daar meer kandidate in die veld. Die end was: die uittree van Ds. Coetzee uit die Geref. Kerk en die benoeming van Ds. Cachet tot Prof. Theologicus. In ons kleine studentekring het hierdie roering in die kerk, ook 'n roering veroorsaak. Die verskil van gevoele het in baje dinge uitgekom ...", onder meer in die verrigtinge van die letterkundige vereniging en deur die totstandkoming van 'n tydelike opposisietennisklub.

Hoewel ds Coetzee skynbaar 'n groot aanhang onder die jongmense gehad het, het geen studente sy voorbeeld gevolg en uit die kerk bedank nie. Van der Walt vertel verder: "Dielyn van verdeeldheid het egter nog lang na die tijd voelbaar gewees ... Die verstandige leiding van die kuratore, die geduldige en versigtige optrede van die professore, en nie die minste nie, die oprigting van die korps 'Veritas Vincet' het 'n helende invloed gehad."³⁸

Ook die oudstudent JA van Rooy, wat vanaf 1890 tot 1894 as assistent in die Literariese Departement waargeneem het, verwys in sy latere herinneringe in enigsins ontwykende terme na die destydse gebeure: "Van die grote gemeente en skool moeilikheid – 'n gevaelike krisis onmiddellik na die overlijde van Prof. D. Postma – gewaag ik nou liever niet in 'n studenteblad; daar is ander bronre voor; hoewel die troebele die eigenlike oorsaak was van die stigting van ons korps 'Veritas Vincet' ".



In sy intreerde as professor in die Literariese Departement, op 12 Julie 1890, het die 25-jarige Stephanus Postma geen illusies gehad oor die gees en die rigting van die opleiding te Burgersdorp nie. Hy neem as teks Spreuke 1 vers 7: "De vreese des Heeren is het beginsel der wetenschap", wat dan ook as beginsel van die Teologiese Skool dien. Nadat hy die verband tussen geloof en wetenskap in die doseer van vakke soos geskiedenis, wysbegeerte, taal en letterkunde en kuns uitgewys het, en die Skool tot diensbaarheid aan Christus verbind het, het hy ook uitgebrei oor die verhouding tussen die inrigting en nasionaliteit.

Die groot waarde van 'n Christelike inrigting vir die kerk en die maatskappy word kortlik geskets, en dan word ook die betekenis daarvan vir "ons land en volk" aangedui: "Iimmers onze inrichting onderschryf ook in haar Literarisch departement het oud Protestantsch geloof, dat onze Vaderen heeft grootgemaakt; dat geloof waaraan Engeland en Holland hun roemrijk en schitterend verleden te danken hebbent; dat geloof, dat onze Vaderen en Fransche vluchtelinge naar dezen uithoek der aarde bracht en den ouden voortrekkers diende tot een staf door huilende wildernissen, door massa's van woeste barbarens en verscheurende dieren."

Daardie Protestantse geloof het sy stempel op die nasionaliteit van die Hollands-Afrikaanse bevolking afdruk. Afwysend teenoor die 19de-eeuse Verligting met sy kosmopolitaanse strewe en die neiging na eenvormigheid ("een vloek voor alle gezonde ontwikkeling en allen krachtigen bloei"), verwoerd Postma sy en sy inrigting se missie só: "Neen wij erkennen het als onze heilige roeping om een echt Protestantschen nationalen geest en nationaal zelfbewustzijn te kweeken in de harten van de zonen des lands, tot welk Europeesch element zij ook mogen behooren."³⁹

As derde seun wat geroepe is om aan sy sy te arbei, het Stephanus Postma ook hulde gebring aan sy pa, terwyl hy ook erkentelikheid betoon het aan sy voorganger en "geliefde broeder", Marthinus Postma: "Hoe groot uwe liefde en ijver geweest zijn voor deze Inrichting, kunnen zij getuigen die deels nog aan de School, deels henengaan zijn in de Maatschappij, in wier hart uw naam leeft in dankbare herinneringen. Dit kan niet het minst getuigen ik dien gij ziet geroepen tot uwen opvolger. Wat het Literarische Departement thans is werd zij onder uwe leiding."

Ook aan die studente rig hy 'n spesialewoord, spel hy 'n program van aksie uit: "Eene heerlike toekomst opent zich voor Zuid Afrika, voor u, en gij, zonen des lands!"



1.3.5



1.3 Wyer horisonne... en donker wolke (1889-1989)

De eer, maar ook die verantwoording rust op u om Zuid Afrika hare plaats te doen innemen in die rei der volkeren. God heef u geroepen om een groot werk te doen voor Kerk, land en volk. Gij zijt geroepen om het gebouw van onze nationaliteit te helpen oprichten, wee u zoo gij de hand laat verslappen, uwe toekomst verspeelt en niet bouw op den eenigen hoeksteen Jezus Christus! De ruinen van uwe Kerk; de puinhopen van uw land en volk zullen eens teen u getuigen.

"Komt, geliefde jongelingen, laten wij ontwaken: laat de vreeze Gods ons bezielden; Vaderlands liefde ons doen blaken; dorst naar kennis ons doen smachten; laten wij een verbond maken met elkander, dat voortaan elke uur onzes levens God en Vaderland zullen gewijd zijn. Laten wij het Vaandel, waarin wij schrijven: 'Voor God en Vaderland' - hoog houden en niet rusten voordat het geplant is in het midden van Zuid Afrika en onze Kerk en School eene milde bron van zegen geworden is voor ons land en volk.

"Vele en machtige vijanden zullen wij te bestrijden hebben, op geestelik en maatschappelik gebied, maar laten wij met den troffel in de eene hand, het zwaard in de andere, 'ons opmaken en bouwen een Tempel voor den God onzer Vaderen': een eeuwenheugend monument voor land en volk, en 'God van den Hemel zal het ons doen gelukken'. Het zij zoo!"

Soos sy voorgangers, het die jeugdige Stephanus nie geskroom om sy siening oor die visie en die missie van die inrigting waaraan hy voortaan sy kragte sou wy, duidelik en omonwonde uit te spel nie.

Aangesien prof Cachet steeds predikant van Steynsburg was en sy pligte as dosent slegs op deeltydse basis kon nakom, is Stephanus Postma aanvanklik die spil waarom die hele opleiding draai. Saam met die kuratore beywer hy hom sterk vir meer studente. Die hoof van die Vrije Christelike Skool, JA van Rooy, word as assistent vir Postma aangestel en die VCS word meer en meer die voedingsbron van die Teologiese Skool. Waar die studentetal in 1891 op 11 gestaan het, vermeerder dit tot 30 in April 1894.⁴⁰

Hoewel nie meer direk betrokke nie, het Marthinus Postma sy volgehoue lojaliteit aan die Teologiese Skool getoon deur die behoefte aan die uitbreiding van die studentetal op die sinode van 1891 ter tafel te bring. Samehangend hiermee het die plek en rol van die VCS, as moontlike voorbereidende skool, in die kollig gekom. Die sinode het vervolgens 'n aanbeveling van die kuratore, dat nouer samewerking gesoek moes word, aanvaar en dit aan die kuratore opgedra om die saak verder te voer.⁴¹

Tydens die sinode van 1894 sou daar weer heelwat aandag gegee word aan reorganisasie en beplanning, vir sover dit die akademiese aktiwiteite van die Skool betref. En onvermydelik sou die personeelposisie weer onder die loep geneem moes word.

Vanuit die ZAR was daar 'n gemor oor die breë karakter van die Teologiese Skool en het 'n beskrywingspunt die behoeftelikheid aan 'n afsonderlike Teologiese Skool bepleit, met daarnaas 'n gereformeerde gimnasium onder beheer van die Kaapse kerkverband (en nie die sinode nie).

Die sinode moes ook aandag gee aan 'n skema vir die opleiding van onderwysers terwyl aanpassings ook tov die admissie- en literariese kursusse voorgestel en aanvaar is. Die verstellings aan die literariese eksamens was gemik op 'n verhoging in standaard, met verdieping in vakke soos Grieks en Latyn en met toevoeging van afdelings Wysbegeerte, Bybelse geskiedenis en Geskiedenis van Suid-Afrika. Die vakke Mitologie en Retorika is uitgefaseer.⁴²

Die personeelposisie aan die Teologiese Skool het kommer gebaar en die kuratore was verplig om assistensie in die personele van JA van Rooy en T Hamersma te verskaf, teen 'n koste van £150. Vanweë sy studies kon Van Rooy net tot ná die Junie-eksamens hulp verleen.⁴³ Dit is ook noodsaaklik geag om 'n



1.3.6

Assistente aan die Teologiese Skool (kloksgewys vanaf links bo): JA van Rooy, T Hamersma, PC Snijman en JA du Plessis. Laasgenoemde twee is in 1898 aangestel as literariese professore.



assistent vir die professor literarum te benoem en die kuratore het £275 daarvoor aangevra.⁴⁴ Studente JA du Plessis en PC Snijman is vir drie maande vir dié doel benoem.⁴⁵


Die kommissie wat aan die sake van die Teologiese Skool aandag gegee het, het versoek dat die geld onmiddellik toegestaan moes word: "Het werk van het Literarisch Departement is te omvangrijk en de vakken te veel en te verscheiden om door een persoon behartigd te worden." Veelbetekenend voeg hulle by: "Men heeft slechts als voorbeeld te nemen het Staats Gymnasium te Pretoria, dat nog maar 2 jaren oud zijnde, 5 Docenten heeft." Die sinode het gunstig gereageer en sodoende die kuratore in staat gestel om in 1895 studente PC Snyman en JA du Plessis in hul assistentsposte te kontinueer.⁴⁶

Inmiddels het die sinode ook vir ds Jan Lion Cachet tot teologiese professor verkies, nadat hy vanaf 1892 in die pos waargeneem het. Saam met hom op die oorspronklike nominasielys was verskeie prominente predikante, naamlik di M en P Postma, LJ du Plessis, WJ Snijman en J Vorster, asook die drietal Nederlanders wat in 1891 vir prof Dirk Postma se pos benoem is, proff L Lindeboom, M Noordzij, en H Bavinck, en 'n broer van Cachet, ds F Lion Cachet. Die ander twee kandidate op die uiteindelike drietal was di M Postma en Snyman.⁴⁷

Die staking van die klasse vir onderwysopleiding in 1896, vanweë 'n gebrek aan studente, was 'n terugwaartse stap. Dit is ook ietwat vreemd dat, te midde van die skaarste aan studente, 'n navraag of dogters van lidmate van die (Gereformeerde) kerk toelating tot die Literariese Departement kon verkry, negatief beantwoord is: "Besloten hem te antwoorde, dat de Curatoren hunne aandacht vestigende op de kerk in 't algemeen, geen kans zien om eene gunstige beschikking op zijn verzoek te maken."⁴⁸

Maar daar was darem ook weer die positiewe kant. Die eksamenuitslae teen middel 1896 het gunstige kommentaar en gelukwense aan prof Cachet en Postma ontklok, afkomstig van die kritiese Engelsgesinde plaaslike koerant, die *Albert Times*. Onder die drie suksesvolle kandidate was daar twee Postmas, seuns van eerstydse literariese professor Marthinus Postma: Dirk, wat die intermediate B.A. verwerf het, en Ferdinand, wat sy matriek met lof en in die 24ste posisie in Kaapland geslaag het.⁴⁹ Beide Dirk en Ferdinand, maar veral Ferdinand, was bestem om rolspelers te word in die voortgesette sage rondom die Postma familie.

Op 1 Maart 1896 het die tengerige, teruggetrokke 19-jarige Japie du Toit vanuit die Paarl hom as student aan die Teologiese Skool te Burgersdorp ingeskryf. Weens sy bekende vader, ds SJ du Toit, se oorhoopheid



1.3.7

Ds Frans Lion Cachet, ouer broer van Jan en 'n kampvegter vir die ortodokse gereformeerde godsdiens. Hy het in 1858 na Suid-Afrika gekom en as NG predikant en sendeling opgetree voordat hy weer terug is na Nederland, waar hy as predikant van die Hervormde Kerk opgetree het. Hy vereenselwig hom 'n paar jaar later met die doleansie van Kuyper en andere teen hierdie kerk en skaar hom by die Nederlandse gereformeerdes. (SA Biografiese Woerdeboek, pp 49-51). Dis waarskynlik op grond van laasgenoemde verwikkeling dat hy as kandidaat vir die professoraat aan die Teologiese Skool benoem is.

met die NG Kerk sou dit nie wenslik wees om hom as predikant van dié kerk te Stellenbosch te gaan bekwaam nie en het hy, uit radeloosheid, besluit om hom aan die Universiteit van Kaapstad as myningenieur in te skryf. Op die nippertjie, na tussenkom van sy stiefmoeder en op aanbeveling van prof Cachet, by wie pa SJ du Toit gaan kers opsteek het, het Japie sy skrede na Burgersdorp gewend, om dáár sy lewensideaal, teologiese studie, te gaan verwesenlik. Met Cachet se hulp en advies is die struikelblok, van nie 'n lidmaat van die Gereformeerde Kerk te wees nie, oorkom. Die kuratore het wel bevoegdheid gehad om sy inskrywing "naar bevind van zaken" te hanteer, maar op Cachet se aandrang het Japie hom vir opleiding as predikant in die Gereformeerde Kerk ingeskryf, sy geloofsbelidens



1.3 Wyer horisonne... en donker wolke (1889-1989)

in dié kerk drie maande na inskrywing afgelê en die volgende dag ook die toelatingseksamen geslaag.⁵⁰

Du Toit het self 'n halfeeu later getuig dat sy opname in die Teologiese Skool te Burgersdorp "nie net rosegeur en maneskyn" was nie: "Ek het soms in laagtes beland waar distels en dorings geprik en gesteek en my baie gevoelig seergemaak het." Hy verwys in hierdie verband spesifiek na die geval waar 'n vooraanstaande lidmaat van die Gereformeerde Kerk die kuratore van die Teologiese Skool pertinent om rekenskap gevra het oor sy (Du Toit) se aanwesigheid te Burgersdorp. Maar, hoe seer ook al, kon dit vir hom nie opweeg teen "die groot skat" wat hy in die nuwe kerkkring gevind het nie.⁵¹

Hierdie "bekeerling" tot die Gereformeerde geledere sou vorentoe diep spore trap in die geskiedenis van die Teologiese Skool sowel as die groeiende Literariese Departement en die universiteit wat daaruit gestalte sou kry.⁵² Die eerste spore lê alreeds dáár in die harde en byna ongenaakbare Karoowêrelf van Burgersdorp, waar hy besondere skryf- en digterlike talent openbaar as medestigter en redakteur van *Het Studentenblad* en waar hy, vroeg in 1899, as loshandewenner van die jaarlikse digkunskompetisie van die Skool aangewys word. Hy verwerf daarmee die eretitel van "Onze Hoofdichter" en "Onzen dichter"⁵³.

Die vierjaarlikse sinode van die Gereformeerde Kerk het telkens maar weer die kollig op die doen en late van die Teologiese Skool met sy dosente en studente gegooi. Elike verdere belangrike en rigtinggewende besluite rakende die akademiese werksaamhede en die personeel van die Teologiese Skool sou gevolglik ook weer tydens die sinode van 1897 geneem word. Op die voorraad van die sinode het daar egter onverwags 'n groot krisis ontstaan, toe een van die kuratore, ds LP Vorster, 'n ernstige klag teen die professor literarum ingebring het. En daarmee saam die drastiese eis dat Stephanus Postma uit sy pos verwyder moes word.

Vorster se klag is aangehoor; so ook die repliek van Postma. Hoewel die kuratore vir ds Vorster, die predikant op Burgersdorp, gelyk gegee het in sy klag, kon of wou hulle nie aan die eis vir die ontslag van Postma voldoen nie omdat die beweerde misdryf plaasgevind het voordat hy in sy pos aangestel is en ook omdat van die kuratore by sy aanstelling destyds wel bewus was van wat gebeur het.

Presies waaraan Postma hom skuldig gemaak het, kon nie vasgestel word nie. Die notules van die kuratore noem dit nêrens by die naam nie terwyl die betrokke bylae waarin die klag geformuleer is, hom nie in die kuratore se argief bevind nie. Die misdryf het plaasgevind in die huis van ds A Coetzee, predikant van Reddersburg en skoonvader van ds Vorster.



1.3.8

In 1897 het ds LP Vorster (links) die Teologiese Skool geskud toe hy 'n klag teen Prof S Postma (regs) ingebring en geëis het dat hy sy amp ontruim. Kort hierna het Postma 'n beroep as predikant aanvaar.

Hoe ook al, die saak is ternouernood uit die sinode gehou. Postma moes vir Vorster om verskoning en vergiffenis vra en laasgenoemde het lank getalm voordat hy, onder druk van die kuratore, Postma se goeie trou en skulderkenning aanvaar het.

Vir Postma was dit 'n abrupte einde van 'n veelbelownde akademiese loopbaan. Vroeg in Desember 1897 het hy 'n beroep na Middelburg, Kaap aanvaar en het hy darem tog eervol ontslag uit sy amp verkry. Die kuratore het van hom afskeid geneem en hom bedank vir sy opofferinge in belang van die skool, maar het nie kans gesien om aan hom 'n beurs/bonus van £25 te gee nie. Ironies genoeg is daar drie jaar tevore wel so 'n bonus aan hom gegee uit erkentelikheid vir die feit dat hy reeds twee keer beroep na Philipstown van die hand gewys het. Van Postma se kant was daar nie kwade gevoelens nie en het hy die kuratore alle heil en seën toegewens.⁵⁴

Skynbaar het die gevoel teen Postma oorgespoel na die studentegeledere, want 'n voorstel dat 'n klasportret as afskeidsgeskenk aan hom gegee word, is nie aanvaar nie.⁵⁵

By sy uittrede is hoë lof gebring deur die andersinds baie kritiese plaaslike koerant, die *Albert Gazette*: Postma is byna onmisbaar vir die Teologiese Skool en 'n opvolger sal moeilik gevind word; Middelburg se wins is ons verlies.⁵⁶ Met sy vroeë dood in Februarie 1904, op 39-jarige ouderdom, het daar tog vanuit die Teologiese Skool hoë hulde gekom. Vir die studenteblad was die doodstryding van Stephanus Postma "een berigt dat ons door de ziele sneed ... zoo ongelooflik ... pijnlik waar". Soos die beroemde Nederlandse digter Joost van den Vondel van die dapper seeheld De Ruyter gesê het, só het Stephanus Postma vir hom 'n beeld in die harte van sy volgelinge uitgekap.⁵⁷

Die behoefte aan meerdere hulp in die Literariese



Departement en wel in die vorm van ‘n tweede professoraat is reeds in die kuratoreverslag vir 1897 uitgespel en so deur die sinode aanvaar. Met die skielike uittrede van prof Stephanus Postma teen die einde van die jaar is waarnemende assistent Ph C Snijman in sy plek en waarnemende assistent JA du Plessis in die nuwe pos aangestel. Beide persone het pas hul proponent-eksamens afgelê. Snijman het in die verkiesing vyf stemme teenoor ds Petrus Postma se een verwerf, terwyl Du Plessis se aanstelling deur die lot beslis is, na ‘n staking van stemme tussen hom en ds T Hamersma.⁵⁸

Soos gebruiklik, het die kuratore se rapport in 1897 weer statistiek aan die sinode voorgelê: die studentetal staan op 26, waarvan sewe in die teologie studeer. Sedert die vorige sinode het een student sy toalogiese studies voltooi, vier die literêre eksamen, twee die BA-studie, een intermediêr, sewe matrikulasie en 18 die hoërskooleksamen.

Op versoek van die kuratore is die toelatingsvereistes deur die 1897-sinode effens opgeskuif: hoërskooleksamens van die Kaapse Universiteit (UCGH), óf die daarmee gelykstaande eksamen van die Oranje-Vrystaat of die ZAR, óf enige ander gelykwaardige eksamen.⁵⁹

1.3.4 Studentelewe

Teen die einde van die tagtigerjare en aan die begin van die negentigers het die eerste roersele van ‘n georganiseerde studentelewe te Burgersdorp merkbaar geword.

Anders as wat vry algemeen in die literatuur oor hierdie aspek aanvaar word, dateer die heel eerste georganiseerde studenteliggaaam uit 1889 en nie uit 1892 nie. In Augustus 1889 is naamlik ‘n “Studenten Letterkundige en Debat-Vereeniging” (SLV) in die lewe geroep, wat tweeweklik Saterdaggaande vergader en wat beide Hollands as Engels as voertaal gehad het. Ph Snijman is as eerste voorsitter en JA van Rooy as sekretaris aangewys.

Afgesien van die bespreking van letterkundige sake en oefening in die debatteerkuns, het hierdie vereniging enkele maande na sy stigting ook sy kant gebring tydens die viering van die Skool se twintigste verjaardag einde November 1889. Dit het bestaan tot in Julie 1892, toe daar ‘n soort herstigting plaasgevind en die “Studenten Letterkundige Vereeniging” (SLV) op 22 Julie sy beslag gekry het. JA van Rooy is as eerste voorsitter verkies van ‘n bestuur wat bestaan het uit verteenwoordigers van die verskillende klasgroepe, naamlik Teologies, Intermediate, Matriek, Skool Hoër en Elementêr. Die doel van die SLV, wat bestaan het uit

‘n klein getal studente en “van die voorste leerlinge van die V.C.Skool”, was om kennis van Engels en Hollands asook die onderskeie letterkundes te bevorder.⁶⁰

Die byeenkomste van die SLV is hoofsaaklik benut om lede te oefen en te slyp in die kuns van rede- en debatsvoering. Ruim geleentheid is ook gebied vir voordra van resitasies, opstelle en voorlesings, terwyl deelnemers deurlopend blootgestel is aan kritiek van die toehoorders. Een keer per jaar is ‘n “Conversatione” (verskeidenheidskonsert) gehou en het dit spoedig tot ‘n hoogtepunt op die studente se kalender ontrwikkel. Einde 1897 se byeenkoms het byvoorbeeld bestaan uit items deur vioolspelers, ‘n drama deur Japie du Toit, ‘n “speech” deur JA du Plessis, ‘n “recitatatie” van Dirk Postma, ‘n “Comic Song” en ‘n heildronk op die uittredende prof Stephanus Postma.⁶¹

Tussen dosente en studente het daar destyds noue bande bestaan en die dosente het terdeë aan die verenigingslewe deelgeneem en bygedra tot die vorming van die jongelinge. So byvoorbeeld het prof Cachet die studente meer vertel van sy groot held, die beroemde Nederlandse digter Da Costa en van die 17de-eeuse Nederlandse letterkunde, terwyl prof Stephanus Postma weer die 17de-eeuse Engelse letterkunde vir hulle ontsluit het.⁶² Terwyl die SLV dit wel verbied het, het die SLV ‘n voorstel vir ‘n verbod op godsdiestige temas met ‘n meerderheid van een stem afgekeur. ‘n Ander voorstel, van Willem Postma, dat lede nie Afrikaans mog praat nie, het ewe-eens nie die paal gehaal nie.⁶³ Die implikasie van hierdie twee besluite was duidelik, naamlik dat die nuutgestigte studenteliggaaam nie bereid was om die godsdiestige karakter van die Skool te negeer nie en dat daar ook reeds ‘n sterk gevoel vir die ontluikende Afrikaanse taal te bespeur was. Al was dit nietig en gering, is die eerste “aanslag” teen die karakter van die inrigting, wat vorentoe ‘n inherente deel van die bestaan daarvan sou word, suksesvol afgeweер.

In Februarie 1895, met die hersiening van die vereniging se konstitusie, is bepaal dat Hollands voortaan as voertaal sal geld in bestuursvergaderings en wanneer sake rakende die wese van die bestuur van die SLV ter sprake is.⁶⁴

Dit wil voorkom asof Willem Postma op hierdie stadium, soos so baie Hollandsprekende Suid-Afrikaners, nie baie trek vir Afrikaans as taal gehad het nie. In September 1895 argumenteer hy in ‘n debat dat Afrikaans, en nie Engels nie, die grootste struikelblok is vir die bevordering van Hollands as taal. Hoewel die teen-argument in die debat geseëvier het, is beslis dat Postma sy saak die beste gestel het.⁶⁵ ‘n Gedugte debatteerder, sou hy vorentoe nog ‘n groot rol speel



1.3.9

JD du Toit. "Onzen Dichter/Onzen Hoofdichter".

in die ontwikkeling van die Teologiese Skool en sy Literariese Departement. En was hy dalk tog reg oor Afrikaans, as konkurrent vir Nederlands.

Die voordra van oorspronklike gedigte was 'n verdere belangrike item en het onder meer aan die Afrikaanse taal een van sy grootste digters laat toekom, naamlik JD (Japie) du Toit oftewel "Totius", soos hy alom bekend sou word.

Met Du Toit as voorsitter en Ferdinand Postma as sekretaris, het die SLV in 1898 'n digterskompetisie uitgeskryf, waarvolgens die professore as beoordelaars sou optree en die wenner jaarliks met 'n silwer medalje ter waarde van £1 as "Onze Dichter" vereer word. Tydens die eerste kompetisie, op 15 Desember 1898, is altesaam 26 gedigte voorgedra. Ferdinand Postma het dit oor "Wouter en Mathilda", H Pasch dra "Die Afrikaner" voor, H Kruger dig oor "Di Birkenhead" en JH de Klerk se digterspotensiaal kry beslag in "Vaderlands liefde". Op sy beurt kom GJ Grobler met 'n manmoedige belydenis: "Ik kan toch niet dichten"!

Maar Du Toit stof hulle almal vér uit, met 'n massiewe poging van 178 reëls getiteld "Een Naamloos Graf", wat in die studenteblad se uitgawe van 17 Februarie 1899 gepubliseer is. Prof Jan Lion Cachet, wat as rektor ook beoordelaar was, was nie baie opgetrek met die digterlike vermoë van die ander nie, maar het hoë lof vir Du Toit gehad. Vreemd genoeg, verwys VE d'Assonville in sy biografie van Totius nie na hierdie gedig of prys in sy vertelling oor die ontluikende digterskap van Du Toit te Burgersdorp nie. Juis hierdie prestasie het later aan hom die skuilnaam "Totius" besorg.

Afgesien van suiwer letterkundige onderwerpe, het sake van die dag – en onlosmaaklik daaraan verbonde, politieke en staatkundige aangeleenthede – 'n stewige kwota van die besprekingspunte en temas vir voordragte uitgemaak. Die Afrikanerskap van die inrigting en sy studente het onmiskenbaar uit hierdie temas na vore getree.

In Junie 1894, twee jaar na die stigting van die SLV, het 'n tweede studente-organisasie die lig gesien, naamlik Korps Veritas Vincet. Met sy leuse "die waarheid oorwin" was die hoofmotief by stigting dat die "senior" studente darem op ietwat hoërvlak binne die wye en oop "studente"-gemeenskap van destyds, insluitende persone van die heel laagste standerds, kon kommunikeer: "Ons moet 'n band vir ons lewe knoop ... een doelwit nastrewe; onse keuse: vir volk en kerk; ons self stel onder die leiding van die professore en hulle terside staan in belang van die skool, ons selfrespek bewaar ..." .

Korps, soos kortweg daarna verwys is, het hom die aankweking en bevordering van die gereformeerde beginsels op godsdienstige en staatkundige gebied ten doel gestel, hoofsaaklik onder sy lede maar ook in die breë studentekring en, vir sover moontlik, na buite. Ietwat anders gestel: "Sijn verhede doel was om die studentelewe aan die Skool in gereformeerde bane te lei."

Heel vroeg in sy bestaan is al besluit dat Korpslede in Hollands (Afrikaans) met mekaar sou kommunikeer. Hieroor sê JA van Rooy, wat die eerste voorsitter van Korps was: "Als ons in aanmerking neem dat Engels toe die huistaal van baje was dan was dit bepaald 'n stap vooruit." In 1895 het Korps betrekkinge aangeknoopt met studente-organisasies van die Vrye Universiteit van Amsterdam en die Teologiese Skool van Kampen. In swaarkrytyd is kollektelyste vir die VU omgestuur.⁶⁶

Die vroeë negentigerjare het ook die begin van 'n meer losse organisasie, die Studente Algemene Vergadering (SAV), opgelewer. Onder leiding van die mees senior student of praetor, het hierdie organisasie, wat wel oor 'n sekretaris beskik en notules van byeenkomste gehou het, gereeld aan die begin en einde van die akademiese



Duelx "Ons Journaal" No 2

Burgersdorp "Labor omnia vincit" 30 April 1898

We waardheid pocht en wijheid mint,
redig als 'n legering hond,
Dat steeds aan 'n smeuks lippen
met ingepanen aandacht hangt
In dadelkaar raad en los ontvange,
Die aan 'n mond ontlippen.

Ons Journaal

Dey week is voor ons 'n eene geinicht-
volle. Die Leeraren aan wie die be-
langen der School zijn toevertrou-
geleen tegemoet komme om die be-
langen te behartigen die tyd is
van daar dat die ledige pleak
van ongen onvergetelik. Rektor
sal uangeroeld word al-
thans tijdelijk. Tyden en plaat-
sen zijn in de hand van hem
die sprekt en het is er gebiedt
en het staan. Hy sal zorgen
dat die pleak waardiglik
aangewend word. Groot tyd
setkapp is het ons dat inhuiskom
de achtbare oudste Leeraar
aan des spes zal treden die
zoolang lief en leed met die
School. Gere God dat gijne
laatste jaren heeltyd sluchto-
afwesige voor die School. Daar
wij in dese dagen vooral
Gods dienaren over ons ye-
stelsel gedenkhou voor des
Hou der genade.

Die gaan eweneens en le-
ryk School jaar te gem
verschendende studente-
reiden zich voor gewich
examen. Labor wyl al-
dien van 't selfde huis
hou gedenken in onze ge-
derb.

Met blijdschap vernamen
uit die sj. Educational N
dat twee onzer matricula
ene eerplaats behaalden
de complete vertaling &
moet het! Alsonde dat ook
verschadene den studenten-
selaap is het ons dat inhuiskom
slaagd zijn in het Ambulance
examen. Broye dit certificaat
en eersteling des oegste, syn

Godsdienst Onderwijs
aan al de Studenten.
Introductie
by studenten van onse Theol
School, zijn tot dese inrich-
ting gekomen of uit eugen
leueper of door onse oulers

1.3.11

"Ons Journaal", eerste mondstuks van die studente te Burgersdorp.

jaar vergader en tot 'n groot mate (veral in en deur die persoon van die praetor) die akademiese belangte van die studente behartig.

Hieronder tel byvoorbeeld die verkryging van 'n embleem vir die Teologiese Skool, die behartiging van sportbelange soos die stigting van 'n tennisklub en die daarstelling van 'n sportkomitee, waaraan reeds sedert 1894 aandag gegee is.⁶⁷ Die inisiatief vir die oprigting van 'n mondstuks, *Het Studentenblad*, het ook in 1898 van hierdie vereniging uitgegaan.⁶⁸

Inderdaad het daar reeds vanaf 1892 al 'n studentebald bestaan, waarvan ongelukkig skynbaar geen enkele kopie bewaar gevly het nie. Wel het JS du Plessis in 1950 in 'n artikel in *Die Besembos* verwys na die bestaan van die blad *Ons Journaal*, en 'n voorbeeld van die tweede uitgawe gepubliseer,⁶⁹ maar ook hiervan kon geen spoor intussen gevind word nie.

Ons Journaal, wat maar 'n sukkelbestaan gevoer het, is skynbaar deur die SLV behartig. Verskeie kere is dit ernstig oorweeg om die blad te staak⁷⁰ en dit het hierna skynbaar sommer net in die niet verdwyn. By die verskyning van *Het Studentenblad* in 1898 word hierna verwys, waarskynlik uit die digterlike pen van die jong nuwe redakteur, Japie du Toit: "Het blad bezweek in vroeger tyd / Er was destyds gebrek aan vlyt."⁷¹

Die jong en energieke Du Toit, wat as kind van ds SJ du Toit sy vroeë jeugjare in die dampkring van die Genootskap van Regte Afrikaners (GRA), *Di Patriot* en die Afrikanerbond deurgebring en as't ware met skryfwerk en joernalistiek grootgeword het, was van huis uit

ED. : J. DU TOIT.
SUB-ED. : G. H. J. KRUGER.

HET STUDENTEN BLAD.

Fac - et - Spera.

DEEL I.] BURGERSDORP, VRYDAG 7 OCTOER 1898. [No. 4.

HET STUDENTEN BLAD.

Uitgaven 's Vrydags om die veertien dagen.

Stukken ter plaatsing, alleen op eenne zyde van het papier beschreven, zullen 's Dinsdags te voren, op zyn laatst, door den Editeur ontvangen worden.

In teekening 5/- p.a. Advertenties 1/- per duim.

HET STUDENTEN BLAD.

VRYDAG, 8 OCTOBER, 1898.

Saamvoegen en Scheiden.

Welk een nieuw licht werpt dit woord op het spotten van den vyand met onse vereniging! Zoo dikwyls wy over deze zaak spreken, en er een struikelblok tusschen in komt, roept die vyand smalend uit: Ziet, zy kunnen niet! Wanneer echter dit woord ons geheele wezen doordringt, dan vliegt die smaadrede als een 'yle luchtstrom' onse oren voorby. Wy spreken dan niet meer van *ver*, maar wel van *herenigen*.

Evensals by het huwelyk, heeft God self ook in ons op die aanbiddelykste wyze de Hollandsche, Fransche en Duitsche elen-enten vereenigd. Maar die schendige hand van den mensch is tusschen in gekomen, en heeft dat innig verband zoo droevig verstoord. Hoe is dit gebeurd en hoe kan die breuke geheeld? Welk een ryk en aanlokend onderwerp voor den waren Afrikaner! ô, Hadden wy maar een groter blad, en reeks van artikelen sou dit onderwerp niet kunnen uitputten. Nu slechts een paar opmerkingen over

1.3.10

"*Het Studentenblad*",
opvolger van (*Ons
Journaal*) en met JD
(Japie) du Toit as eerste
redakteur.



getoë om as segsman van die studentegemeenskap dáár op Burgersdorp op te tree. In talle hoofartikels het Du Toit sterk argumente vir taal en volkskap aangevoer en is die befaamde Nederlandse staatsman en filosoof Groen van Prinsterer se uitspraak dat nasionale krag in volksgevoel gesetel is, goedkeurend aan lesers oorgedra. En hy stel sy en die blad se benadering onomwonde: "Boven myne leerschool staat: ZUID AFRIKA VOOR DE AFRIKANERS. Dat ben ik."⁷²

Vanweë die min studente was daar veral aan die beginjare nie veel sprake van georganiseerde sportbeoefening nie. Daar is wel tennis, voetbal en krieket gespeel, maar – soos WJ de Klerk dit later in sy herinneringe onthou, is dit beoefen "as middels vir ontspanning en nie as DOEL nie, soos dit later ontaard het".⁷³ Dit het wel gebeur dat studente periodiek by sportaktiwiteite van die dorp ingeskakel het. JGH van der Walt vertel hiervan: "Aan sport het ons tot in 1893 bijna niks gedaan nie. Dit was seker nie aan ons vroomheid te danke nie. Agt of tien studente staan 'n slegte kans om 'n voetbal of kriket klub te begin. Eers het ons bij die dorp seuns gespeel. In '93 of '94 het ons begin organiseer."⁷⁴

Die navorsing vir hierdie boek het 'n verdere mite, naamlik dat rugby eers teen 1906 vir die eerste keer deur die studente van die Teologiese Skool beoefen is, aan die kaak gestel. Waar dit wil voorkom asof individuele studente reeds vóór 1893 hul gewig by die dorpsklub ingegooi het, is daar wel in 1893 'n rugbyklub aan die inrigting gestig en het hulle hul eerste wedstryd op Vrydag 15 Augustus teen Venterstad gespeel.⁷⁵ 'n Deel van die verslag oor hierdie historiese wedstryd word hiernaas afgedruk. Dit is nie duidelik of die klub bly voortbestaan het en, indien wel, tot wanneer nie.

Die kerklik-godsdienstige lewe van die studente te Burgersdorp word gekenmerk deur die noue verband met die plaaslike Gereformeerde gemeente. JA van Rooy onthou dat groot kerkgeleenthede, wanneer die talle andersinds leegstaande dorpshuise rondom die kerk deur die eienaars van die omliggende plase betrek is, die aangenaamste "geselskapstjie" van die studente was: "Dan wemel dit in die dorp en deur die menigte van jongmense vleg die bietjie fijner opgeknapte studentjes ... dan kan jij op Saterdag en Sondag middag lang spanne jongmense van beide sekse sien paar en paar streep trek al kante toe, maar meestal naар die mooi parkkerkhof, waar baie banke staan. En moenie praat, saans naар die jongelingsvereniging toe! ... Sien julle, die gemeente moes kerk toe kom en ons moes kerk toe gaan. Só het ons ontmoet, want ander kermisse was daar die daë nog nie en deesdaagse ijdelhede ook nie."

Kerkgang is só deur hierdie skoonseun van prof Dirk Postma beskryf: "Sondags moes ons gereeld

FOOT BALL MATCH.

THEOL. SEM. vs. VENTERSTAD.

On Thursday preparations were made to go over to Venterstad. It was a very rainy day, but in the afternoon an opportunity for travelling was offered for the players. Friday the 15th all players were in Venterstad long before the time decided on. At 4 in the afternoon both teams were on the field.

Everything was not yet in perfect order so the play commenced at 4.15 p.m. The Theol. Sem. had the first kick off, and although during the first half time, the South West wind was in favour of the Venterstadters, they were for the most part kept on their line, so that the full-back of Burgersdorp had nothing to do. After 15 minutes play a try was secured for Burgersdorp by P. Coetsoo, but they failed in kicking a goal. After some more play the half-time was passed. The Burgersdorp players went out of the field after a hard fight in the hope of getting some refreshments as usual, but nothing could be found, not even an orange. So some went up to the village to quench their thirst with lemonade or an orange. The Captain, Mr. Basson, we are sure, would have procured something during the interval but he was prevented in so doing by a horrible cramp in his leg. The players were called to the field again. During the second half Venterstad tried to give the full-back of their opponents a little work, but they were ably resisted by Burgersdorp. After some time Burgersdorp secured another try through J. van den Heever.

But n. ain failed in kicking a goal. On the Venterstad side Messrs. Truter, Dykman as three-quarters, De Boer, Prinsloo, and Dykman as forwards played very well. On the Burgersdorp side the full-back, J. du Plessis, was very safe in keeping the ball of the opponents at a distance. Although most of the play rested on the side of P. Coetsoo and J. Henning, who played exceedingly well in spite of two strong opponents, the other three-quarters, G. Kruger, and J. Kruger, whenever an opportunity was offered to them gained much ground. J. Kruger made a splendid attempt and succeeded in catching Truter from behind, after passing his opponents, J. Kruger, Jac. Kruger, and G. Kruger although very light, he made it very difficult for the opponents, who were decidedly strong. The forwards G. du Plessis and W. Henning, P. van der Walt, J. van den Heever, and W. de Klerk played well.

Although the Theol. Sem. Club, is only shortly started, they promise to make a strong Team, after some more practice. The Venterstad Club has some very good and strong players, and they also promise to make it more difficult for their opponents after some more practice. Both teams we are sure feel very much obliged to Dr. Coets who acted as referee, and who was very impartial in his decision.



1.3.13

Tennis te Burgersdorp, omstreeks 1899. Voorste ry, van links na regs: Ds W Postma, mej Anderson, mej Lettie Postma, prok P Cachet, mej F van der Walt, ds. D Postma. Tweede ry: Mej Rika Postma, mej Annie Coetzee, ds. G Kruger, mej Maria Postma en mej Sannie Steenkamp. Agterste ry, van links na regs: Prof F Postma, dr DF du Toit, ds. LJ du Plessis, W Henning, dr P Saayman, ds. van der Walt, ds. N van der Walt, en mnrr K Pretorius.

naar die kerk, of ons kan seker wees van 'n gedugte bestraffing deur die Rektor met die eerste Hollandse les op sy studeerkamer. In die kerk had ons ons eie sitplekke vlak naas die preekstoel op 'n paar kort bankies, waarvan die uitgange bewaak werd deur die hooggeleerde professor en die eerwaarde ouderlinge op lekker leuningstoele. Ons was ingeknip. Ik zag uit ter rechterhand, doch de Rektor had mij in 't oog; ter linkerhand, doch 'n witgeverfde muur blonk mij tegen; daar boven, daar stond de predikant, hoog opgeblokt; daar voren, maar hier was alle uitzicht afgesneden door de preekstoelbeen, 'n zwijgende huisorgel en het hokje van die voorzanger met zijn blinkende bles. Die enigste uitsig kon jij krij als jij opstaan onder die gebed, maar dan hou jij mos o'e toe.”⁷⁶

1.3.5 Geesgenote in Nederland

Sowel wat betref die geografiese ligging as die akademiese milieu of atmosfeer het die Teologiese Skool met sy dosente en studente hulle byna in eensame afsondering bevind. Van kontak met ander opvoedkundige inrigtings plaaslik in Suid-Afrika was daar feitlik geen sprake nie. Prof Dirk Postma se persoonlike verhoudinge met Nederlandse amsgenote, waaronderveral prof Helenius de Cock van die Teologiese Skool te Kampen, en ou vriend ds DJ van der Werp van die Calvin College en Calvin

Seminary in Amerika⁷⁷ was moontlik al wat vir 'n bietjie akademiese kruisbestuiwing sou kon sorg.

Op Saterdag 1 Januarie 1881 verskyn daar 'n klein maar tog prominente berig in *De Maandbode* en redakteur Dirk Postma kondig die ontvangs aan van *De Heraut* van Sondag 31 Oktober 1880. Daarin is nuus vervat oor die stigting van 'n "Vrije Universiteit", te Amsterdam, Nederland – 'n inrigting wat mettertyd vry algemeen bekend sou staan as "die VU".

By sy dankbetuiging vir die nuus oor die stigting van die VU, stuur Postma in beskeidenheid ook enkele brosjures vir die biblioteek van die nuwe inrigting: "De geringheid der zelve zoude mij hebben verhinderen ze aan te bieden, maar de gedachte, dat ze kunnen strekken ter kennis neming van ons bestaan heeft mij vrijmoedig gemaakt."⁷⁸

Hoewel maar uiters elementêr, is daar dus kontak gemaak, wedersyds kennis geneem van die bestaan van die VU en die Teologiese Skool te Burgersdorp. Hoewel die Teologiese Skool te Kampen eintlik as die moederinstelling van die Teologiese Skool beskou kan word, sou daar vanuit die staanspoor noue bande met hierdie nuwe instelling vir hoër onderwys in Nederland onderhou word – bande wat in die jare, dekades en selfs vir die hieropvolgende eeu en langer rondom



1.3 Wyer horisonne... en donker wolke (1889-1989)

gemeenskaplike visies en missies van groot betekenis vir albei instansies sou wees.

Wie en wat was die VU?

Byna gelykydig met die ontstaan en vroeë ontwikkeling van die Literariese Departement as deel van die Teologiese Skool te Burgersdorp, het daar 'n beweging in Nederland op gang gekom wat sou uitloop op die stigting van die VU in 1880, deur die Vereeniging voor Hooger Onderwijs op Gereformeerden Grondslag (VHOGG), wat op sy beurt twee jaar tevore in die lewe geroep is. Die wortels van hierdie vereniging, en dus ook van die VU, lê egter diep ingebied in die geskiedenis van die ontwikkeling van hoër onderwys asook in die kerklike stryd en woeling van die 19de eeu in Nederland.

As aanknopingspunt word geneem die totstandkoming van die Universiteit van Leiden in 1575 en die daaropvolgende bepaling in die Haagse sinode in 1586, wat hierdie universiteit met sy kuratore en professore tot godsdienstigheid gebind het. En hoewel daaropvolgende Nederlandse universiteite dieselfde tradisie gevestig het, het die band met godsdienst en die kerk in die hieropvolgende eeue steeds losser geraak: "Niet goddelijke openbaring, maar het menselijk verstand en de menselijk ervaring spraken in de wetenschap het laaste woord", is Roelink se uitspraak in sy werk oor die geskiedenis van die VHOGG. Diegene wat nie die Rasionalisme (die verstand bepaal wat waar is, ook op godsdienstige gebied) of die Empirisme (ware kennis net deur ervaring) aangehang en as "verligtes" gereken is nie, het selde vir benoeming aan universiteite in aanmerking gekom.

Die godsdienstige herlewing in die 19de eeu het hierdie gemis en diskriminasie geaksentueer en dit was veral die Afgeskeidenes ná 1834 wat 'n sterk behoeftte ondervind het aan opleiding van predikante wat die goddelike openbaring bo die menslike wyshheid en ervaring stel. Dit het aanleiding gegee tot individuele opleiding, wat op sy beurt weer uitgeloop het op die stigting van die Teologiese Skool te Kampen in 1854. 'n Poging om oorhoofs en oor kerkgrense heen samewerking tussen die ontevredenes te verkry, het nie geslaag nie.⁷⁹

Intussen het die bekende kerkkleier en politikus, dr Abraham Kuyper, na aanleiding van nuwe neigings in die land se onderwysbeleid, hom daarvoor begin beywer dat daar, naas die openbare Ryksuniversiteite, twee toegespitste universiteite vir die Rooms-katolieke en die "Hervormde Christelikheid" opgerig moes word. Só is die ideaal van 'n vrye Christelike universiteit, oftewel 'n universiteit "rustend op breed geplaveiden christelijken grondslag", geformuleer.⁸⁰ Of, soos Wieringa dit stel: "Kuyper streefde naar



1.3.14

Dr Abraham Kuyper

een protestants-christelijke universiteit zonder nadere aanduiding van enige denominatie ... Vrij van twee instituten: namelijk de overheid en de kerk ... Deze vrijheden funderen hij op het leerstuk van de souvereiniteit in eigen kring."⁸¹

Kuyper se hande is gesterk deur die ondersteuning van prof JH Gunning, wat aanvanklik geneë was dat teologiese fakulteite by staatsuniversiteite sou bly maar mettertyd besef het dat liberales se steun hiervoor toe te skryf is aan 'n begeerte "om zoo mogelijk ... de Kerk, die tot hun verbazing en teleurstelling levenskracht toon, aan banden te houden door staatsinvloed op benoemingen en inrichtingen in de theologische faculteit".⁸²

Hierdie gisting en gedagteswoeling het plaasgevind teen die agtergrond van 'n langdurige proses waaruit die Wet op Hoër Onderwys uiteindelik in 1876 sy beslag gekry het. Deur hierdie wet is teologiese opleiding verder verwater deurdat kerklike en dogmatiese opleiding aan universiteite belet en slegs op beperkte skaal in drie Ryksuniversiteite toegelaat is. Die miskenning van die ortodokse rigting by die praktiese reëling van laasgenoemde vergunning, waarvolgens slegs een uit ses toelaatbare professorate aan hulle toegeken is, was die laaste strooi. Al uitweg was om gebruik te maak van 'n bepaling in die nuwe wet wat die stigting van



partikuliere universiteite moontlik gemaak het.

En só, teen die einde van 1877, het 'n aantal leidende politici en kerklikes aan huis van die ryk bierbrouer van Amsterdam, Willem Hovy, byeengekom en word vir "een van die verrassingen van de 19de eeu" gesorg. Al het verskeie vorige pogings tot interkerklike opleiding misluk, word hier na iets aanmerklik groter gestreef: "Naar een universiteit, vrij van kerk en staat ... Men wil het geheel der wetenschappen gaan beoefenen in het licht van de goddelijke openbaring. Groot scheeps, zonder dat het geld er voor is en zonder dat er professoren en studenten zijn aan te wijzen, die zich na soveel mislukkingen aan zo 'n hachelijk avontuur zullen wagen."⁸³

Op 5 Desember 1878 het die hieruitspruitende "Vereeniging voor Hooger Onderwijs op Gereformeerden grondslag" sy beslag gekry en iets minder as twee jaar later maak die Vrije Universiteit dan sy verskyning. Die grondslagartikel van die VHOGG, wat ook die hoeksteen van die VU was, het bepaal dat alle onderwys "geheel en uitsluitend op den grondslag der gereformeerde beginselen" moes berus.⁸⁴

Hoewel daar, vanweë die verskillende nuanses van die godsdienstige samelewing wat dit bedien het, vanuit die staanspoor binne eie gelede probleme rondom die beginselgrondslag van die VU bestaan het – J Roelink bevind honderd jaar later dat die beginselkwestie die VU "kwellend bleef begeleiden tot vandaag toe"⁸⁵ – het die VHOGG en die VU na buite 'n breeë Gereformeerde, Calvinistiese karakter vertoon. Wat theologiese opleiding betref, sou die nuwe inrigting poog om te voorsien in die behoefté aan "predikers, die in hart en niere gereformeerd zijn", terwyl dit ook gesien is as bolwerk teen verwêreldliking, om te verhoed "dat de hogere ontwikkeling van ons volksleven in handen van het ongeloof overga; de wetenschap een instrument tegen de eere van Christus worde". Volgens die stigters van die VU was daar besliste verband tussen wetenskap en wetenskaplike skoling enerds en die samelewing andersyds.⁸⁶

Dit was hierdie vry algemeen gereformeerde, Calvinistiese en nasionale karakter van die VU wat die vonk verskaf het vir die byna nostalgiese aanklank by die Teologiese Skool en die ontwikkelende Literariese Departement in die diep-Karoo van verre Suider-Afrika.

'n Mens kan jou voorstel welke impak die spesiale uitgawe van *De Heraut van Sondag* 31 Oktober 1880 – Hervormingsdag – op rektor Dirk Postma en literariese professor Marthinus Postma dáár in hulle klein en geringe maar ewe idealistiese inrigting te Burgersdorp moes gemaak het. Die Kuyper-boodskap wat die aankondiging van die stigting van die VU vergesel

het, naamlik dat dit niks minder nie as 'n Goddelike ingryping, 'n verlossing van Sy volk "vertreden onder smaad" was, moes hulle diep laat dink het aan die eie toestande en omstandighede – veral ook oor die feit dat die nuwe universiteit begin het met net drie fakulteite, vyf professore en vyf studente!⁸⁷

Die stigting van die Vrije Universiteit van Amsterdam is op Burgersdorp verwelkom en die wens is uitgespreek dat die nuwe stigting nie alleen op Christelike grondslag gevestig sou wees nie, maar ook in Gereformeerde gees sou arbei. Van daadwerlike kontak tussen die Teologiese Skool en die VU was daar egter aanvanklik nie veel sprake nie, altans nie sover dit geraadpleegde bronnes aan beide kante betrek nie. In kerklike verband het prof Dirk Postma steeds op hoogte gebly van verwikkelinge in Nederland en dit in sy maandblad gerapporteer.⁸⁸ Dit geld veral die Doleansie van 1886, onder inspirasie van dr Abraham Kuyper, waardeur die gereformeerde basis van die VU enigsins vereng is en daar verwydering van die Nederlandse Hervormdes plaasgevind het. Dit het tot gevolg gehad dat die VU in 'n geïsoleerde posisie binne die reformatoriese samelewing beland het en dat dit al hoe meer vereenselwig is met "het kerkelijk gereformeerde volksdeel en mede daaroor met de Antirevolutionaire Party" (van Kuyper).⁸⁹ Dat studente van die Teologiese Skool te Burgersdorp enkele jare later hulle skredes na die VU wend, vir verdere studie, word aan dié verwikkelinge by die VU toegeskryf.⁹⁰

Op studentevlak het twee voormalige studente van die VU hulle in die tagtiger- en negentigerjare by die Teologiese Skool in Burgersdorp kom inskryf, naamlik Jan Ernestus van Minnen en Taetse Hamersma. Van Minnen se storie is reeds bō vertel. Hamersma was ook 'n oudstudent van die VU wat op grond van sertifikate teen einde 1892 as theologiese student aan die Teologiese Skool ingeskryf en in Maart 1894 as proponent gekwalifiseer het. Soos bo gesien, het hy in die laat negentigerjare as assistent in die Literariese Departement opgetree en was hy ook kandidaat vir een van die twee professorate wat in 1898 opgevul is.⁹¹

Van die invloed van hierdie twee oudstudente van die VU ten opsigte van die aanvang van 'n georganiseerde studentelewe getuig een van die pionierstudente van die Teologiese Skool, JA van Rooy, soos volg: "Wat ook by my besonder aandrang wakker gemaak het was die omgang met twee oud-studente van die Vrye Univ. van Amsterdam, n.l. van Minnen en Hamersma, van wie ek soveel verneem het oor Univ. Studentepraktyke, met name Corpora op beginsel gegronde."

Van Rooy verwys ook na die breër beïnvloeding by die totstandkoming van die studenteliggaaam Korps Veritas Vincet in 1894: "Vanuit Nederland het die geluid van



Calvinistiese reaksie op Antirevolusionêre standpunt sterk begin oorwaai om ook vir Afrikanerdom sterk te beïnvloed. Vry algemeen nogal was destyds 'n frisse varse gees van selfbewuste Afrikanerskap ontwaak uit die somerslaap van 'n uitheems-naäperige, soeterig-metodistiese onnasionalisme – in Kaapland sowel as in die Republieke.”⁹²

In April 1895 het Korps besluit om in korrespondensie te tree met eweknieverenigings aan die VU te Amsterdam en die Teologiese Skool te Kampen. Dat studente self ook persoonlike kontak met die VU gehad het, blyk uit die feit dat dank betuig is aan ds T Hamersma, vir die stuur van die VU-studenteblad “Nil Desperandum Deo Duce” (NDDD). En bygesê: dit word met belangstelling gelees.⁹³

Op Korps se jaarvergadering in Junie 1899 het ds Hamersma 'n "boeiende" lesing gegee oor die lewe en werk van dr Abraham Kuyper en is dit opgevolg met 'n "levendige" bespreking. Nee, meer nog: op 'n wenk van erelid ds W Snijman stel Japie du Toit en J Venter voor dat dadelik 'n lys geopen en begin kollekteer word vir die VU. Korpslede se bydraes sou na die komende vakansie direk aan dr Kuyper versend word. In Augustus rapporteer Dirk Postma dat hy 'n bedrag van £5 aan dr Kuyper afgestuur het. Hy is in 'n onbestrede mosie hartlik hiervoor bedank.⁹⁴

Twee maande later het die Anglo-Boereoorlog uitgebreek en sou die affiniteit wat in die voorafgaande twee dekades ontwikkel het, op 'n besondere wyse vergestalting vind. (**Kyk hoofstuk 1.4**)

1.3.6 Verplasing-“spook”

Tydens die 1897-sinode sou die afgevaardigdes ook te doen kry met 'n vraagstuk wat enkele jare tevore kop uitgesteek en geleidelik aan momentum begin wen het, naamlik die vraag of die Teologiese Skool nie elders heen moes verskuif nie. 'n Wolk van onsekerheid het oor die karig bemande, byna fasiliteitslose en sukkelende identiteitsoekende instelling vir die opleiding van Gereformeerde predikante met sy geleidelik ontwikkelende literariese afdeling begin inskuif ...

Die heel eerste verwysing na die moontlike verplasing van die Teologiese Skool was afkomstig van niemand minder nie as kurator Jan Lion Cachet, vroeg in 1891 al. Sy gedagte, dat die Teologiese Skool na Pretoria verplaas moes word, het egter nie ondersteuning gekry nie. Die betrokke notule gee geen motivering vir Cachet se voorstel nie.⁹⁵ In 1892 verskyn die kwessie van moontlike verskuwing van die Teologiese

Skool op die agenda van die Algemene Vergadering van die Gereformeerde Kerk van Kaapland, toe ouderling Viljoen van Griekwaland-Wes vra of die Teologiese Skool nie na 'n meer sentrale plek verskuif kon word nie. Daar is kennis van geneem en besluit om dit by 'n volgende byeenkoms te bespreek.⁹⁶ Die spreekwoordelike klip is in die bos gegooi ...

In April 1893 dien die saak weer, hierdie keer deur 'n beskrywingspunt van die kerkraad van Middelburg, wat vra dat 'n beskrywingspunt aan die sinode voorgelê word waarvolgens die noodsaaklikheid en wenslikheid van verplasing na Middelburg oorweeg sal word. Hulle predikant, ds Marthinus Postma, het toelighting verskaf “en toonde breedvoerig aan waarom hij meent dat de verplaatsing nodig is”. Na indringende bespreking is die versoek van die hand gewys.⁹⁷

Die oënskynlik vreemde versoek vanuit Griekwaland-Wes tydens die Kaaplandse vergadering in 1892 kry betekenis indien in ag geneem word dat ds Marthinus Postma in hierdie tyd die gemeente Postmasburg bedien het. Dit is duidelik dat hierdie oudprofessor, met sy intieme kennis en ervaring van toestande te Burgersdorp, die groot dryfkrag was agter die poging om die Teologiese Skool na Middelburg verskuif te kry.

Die eintlike debat oor verplasing het intussen reeds op 1 Februarie 1893 op dreef gekom, toe briefskrywer ds Ph S Snijman van Heidelberg in *De Maandbode* aangevoer het dat nie Middelburg (Kaap) of Pretoria nie, maar wel Bloemfontein die aangewese plek vir die vestiging van die Teologiese Skool was. Hierdie stad, sê hy, was sentraal geleë, maklik bereikbaar per trein en “een plaats van niet teveel afleiding als Pretoria, en niet te min verstands ontwikkeling als Middelburg, en het leven is daar goedkoper”.⁹⁸ Dit is te betwyfel of ds Marthinus Postma en sy gemeentelede met hierdie karakterisering van Middelburg genoeë geneem het!

AJ van der Walt van Buffelnoorns in die distrik Potchefstroom was gekant teen verskuwing na die ZAR en het sy stem, saam met ander, ten gunste van die Kaapse Middelburg laat hoor; 'n Reddersburger weer wou die eer vir sy sentraalgeleë dorpie bekom terwyl hier en daar gevoel is dat die **status quo** gehandhaaf moes word.⁹⁹

Midde-in die tyd toe daar in regeringskringe in die ZAR bespiegel en beplan is vir die vestiging van 'n staatsondersteunde universiteit, word daar in verskeie Gereformeerde gemeentes in dié staat aandag gegee aan die verplasing van die Teologiese Skool na Transvala.

J Bergmans van Pretoria was veral beswaard teen die Engelse gees wat die onderwysstelsel in die Kaap so totaal oorheers. Die groot sondebok, en die grootste



struikelblok, vir sover dit die ontwikkeling van die Afrikaanse nasionaliteit in die Kaapkolonie betref, was volgens hom die Kaapse Universiteit (UCGH), wat die studente se hoofde volprop met Engels en die kinders blootstel aan allerlei Engelse invloede. Hy kommer veral oor die uitwerking daarvan op toekomstige predikante.¹⁰⁰

Ook WS Lampen van Rustenburg was sterk gekant teen die Engelse karakter van die UCGH en sy eksamenstelsel, wat die opleiding aan die Teologiese Skool in 'n Engelse rigting stuur. Hy plaas 'n hoë premie op die taal waarin opleiding gegee word en meen dat dit in Pretoria tot sy reg sal kom. Ouderling GP Roos van Pretoria bepleit ook verplasing na die ZAR, wat 'n seën sal wees vir die skool en vir heel Suid-Afrika, veral wat betref die Hollandse taal in die algemeen, "te meer daar wy in die Z.A. Republiek bevoordeel word met een Rector aan onze Universiteit die ook lidmaat is van onze Geref. Kerk".¹⁰¹ Roos verwys natuurlik na die rektor van die Staatsgimnasium wat in hierdie tyd (1893) te Pretoria gestig is, dr H Th Reinink, vroeër verbonde aan die Teologiese Skool te Kampen.¹⁰²

Ten spyte van verduideliking en verdediging deur prof Cachet, wat ook redakteur van *Het Kerkblad* was, het Bergmans volhard in sy verset teen die Engelse invloede waaraan die opleidingskool in die Kaap blootgestel is: "Voor de toekomst echter vraagt het steeds krachtiger geworden nationaliteitsgevoel een eigen ontwikkeling." Hy doen enkele ingrypende aanbevelinge, waaronder hervorming van die Teologiese Skool sodat Hollands die onderrigmedium en Engels as 'n vreemde taal aangebied word, dat 'n ekwivalente eksamen van die ZAR en nie die "Engelse" matrieksertifikaat nie as toelatingsvereiste gestel word, en dat die inrigting na Pretoria verplaas word.¹⁰³

Die pennestryd het voortgewoed en dit het al duideliker begin word dat dit eintlik oor die karakter van die Teologiese Skool gaan, dat dit Hollands- of Afrikaansgeoriënteerd sal wees en moes loskom van die gevær van verengeling in die Kaapkolonie. Vir K van Rijssse was dit wenslik dat studente wat die kansel gaan bestyg en leiers van hul volk word, in eg nasionale gees opgelei word, teenoor die toenemende afwykings en die tendense van Metodisme en Modernisme in Engelse kringe.¹⁰⁴

Teen hierdie agtergrond beland die kwessie van die verskuwing al dan nie van die Teologiese Skool in April 1894 op die sinodetafel, te Reddersburg.

Verskeie beskrywingspunte hieroor is ingedien en dit is nodig geag om die saak na 'n kommissie te verwys. Hierdie kommissie het, na ernstige en biddende oorweging en diep onder die besef "dat de bewaring van de eenheid der Kerk en de goede verstandhouding

van de gemeenten in de drie landen in nauw verband met het besluit der Synode in deze zaak zullen zijn", 'n indringende verslag uitgebring en aanbeveel dat die Teologiese Skool vir eers te Burgersdorp gelaat moes word.¹⁰⁵

Volgens die kommissie was Pretoria en Middelburg (Kaap) die twee vernaamste aanspraakmakers op die setel vir die Teologiese Skool. Pluspunte vir eersgenoemde was die vinnige uitbreiding van die Gereformeerde Kerk in die ZAR, Pretoria se meerdere akademiese atmosfeer en die "Hollandsch wetenschappelike omgeving" waarvan die studente voordeel kon trek. Aan die negatiewe kant is opgeteken moontlike en ongewenste mededinging tussen die gevestigde Christelike Gimnasium en die Literariese Departement, en dat Pretoria te duur was en dus menige minder vermoënde studente van verdere opleiding sou weerhou.

Die kommissie se aanbeveling dat oorplasing na Pretoria "voor als nog niet" gedoen kon word nie, is veelseggend. Vir die verplasing van die Teologiese Departement alleen is daar veel voor te sê, maar vanweë oor-en-weer hulpverlening en omdat die Teologiese Departement te klein is, is dit nie nou moontlik nie.

Wat Middelburg (Kaap) betref: dis dalk goedkoper en aangenamer dáár as te Burgersdorp, maar die verskil is nie so groot om verplasing te regverdig nie, omdat dit "slechts een voorkeur van plaats en nie van taal en beginsel zou zijn in tegenoverstelling met Pretoria".

Een van die motiewe vir die aandrang tot verplasing kom duidelik na vore uit 'n erkenning van die kommissie, op grond van besware vanuit die ZAR, dat daar onteenseglik in die bestaande toestand 'n onbillikhed is wat weggeelimineer moet word: "De Commissie was eenparig van de overtuiging dat ons doel moet zijn in de toekomst ... eene afzonderlike Theologiese School en een Gereformeerde Gymnasium onder beheer en toezicht van onze gemeenten in de Kaap Kolonie."

Wat eintlik hier gesê word, is dat daar begrip is dat gemeentes in die Vrystaat en Transvaal krapperrig raak oor geldelike bydraes vir 'n instansie waar die onderrig nie op die primêre missie van die Teologiese Skool afgestem is nie, naamlik die opleiding van predikante. En 'n instansie wat boonop te ver en in 'n Engelse kolonie geleë was.

Skynbaar het ZAR-staatspresident Paul Kruger gedeel in die gevoel dat die Literariese Departement besig was om die teologiese komponent te oorgroei. Op die vooraand van die 1897-sinode en met die verplasingskwessie sterk op die voorgrond, stuur hy



1.3.15

Staatspresident Paul Kruger stuur £100 ... eksklusief vir die opleiding van predikante.

£100 aan die kuratore, onder die besef dat dit 'n geval is van "de oogste is groot en de arbeiders zijn weinige". Dit moet aangewend word vir studente wat nie geld het om vir predikant te studeer nie. Hy herhaal en beklemtoon: "Ik vertrouw u Eerwaarde vergadering verstaat mij goed, het is bepaald voor diegenen die voor predikant studeeren ..." ¹⁰⁶

Die kommissie se voorstel vir die verdeling van die Literariese Departement in 'n hoër en laer afdeling was bloot bedoel as 'n oorgangsmaatreël. Eersgenoemde sou strek tot op matrikulasievak en onder beheer staan van die kerk in die Kaap. In die hoër literariese departement sou die literariese eksamen, wat aan studente toelating tot die teologie gee, in Hollands afgelê word.

Soos blyk uit die altesaam ses voorstelle wat na bespreking van die kommissieverslag ter tafel geneem is, was afgevaardigdes uit die ZAR kennelik nie baie in hulle skik met die hangende aard van die aanbevelings nie.

Twee Rustenburgse afgevaardigdes het hulle wel met die kommissievoorstel versoen, maar vir hulle het die woord "vooreerst" die deur geopen vir verdere bespreking op die volgende sinode. Die Waterbergse ouderlinge het ter wille van kerkeenheid die saak gesteun "daar wij hopen over 3 jaren onzen wensch te verkrijgen". Ouderling PG Roos, die Pretorianer wat vooraf so uitgesproke was in die polemiek in *Het Kerkblad*, het voet by stuk gehou met 'n voorstel: "De Theologische School worde verplaast naar de Z.A. Republiek. Het Literarisch Departement blijve te Burgersdorp ..." ¹⁰⁷ Die kommissievoorstel dat die status quo voorlopig gehandhaaf en die Skool as geheel te Burgersdorp moes bly, is egter met oorgrote meerderheid van stemme aanvaar. ¹⁰⁸

Een van die grootste knelpunte in die hele kwessie was die taalmedium en die bestaan en voortbestaan van die Literariese Departement in die boesem van die Teologiese Skool. Na afloop van die sinode het voor- en teenstaanders mekaar opnuut die pennestryd aangesê.

'n Voorstander van Bloemfontein, E van der Walt van Fauresmith, het die Vrystaatse hoofstad, synde geleë "in die kroon van Afrika", bedeeld met "een gezonde leven's toestand" en "bevoorrecht met de Hollandse taal en ... bevrijd van het Engelsch", as setel vir die inrigting voorgestel. SW Roos van Pretoria het skerp gereageer omdat dit impliseer dat die taal- "kwalifikasie" in die ZAR ontbreek en dat dit net die Vrystaatse regering is wat die kerk en die onderwys ondersteun. Hy stel die ZAR-kant van die saak en voeg effens byterig by dat Bloemfontein se aanspraak 'n paar jaar te vroeg is; daar bestaan nog nie eens 'n Gereformeerde Kerk daar nie. ¹⁰⁹

'n Aantal krapperrige vrae van die kant van die pasgestigte studenteliggaam Korps Veritas Vincet, oor die verband tussen die "netelige" taalkwessie en die gereformeerde beginsel, het die gemoedere verder ontstig en die debat nog heftiger gemaak. Korps Veritas Vincet se voorstander, JA van Rooy, het naamlik op 'n Korpsbyeenkoms in Oktober 1894 die woord gevoer oor die tema "Is het behoud van onze taal van belang voor de Gereformeerde Gezindheid?" Die saak is druk bespreek en tydens 'n opvolgvergadering is 'n aantal vrae in hierdie verband geformuleer, vir publikasie in die kerkmondstuk. ¹¹⁰

In hul gevolglike skrywe het Korpswoordvoerders aangevoer dat "al ons jongelui" baat sou vind indien erelede, dit wil sê dosente of ander bevoegdes, hulle sou inlig welke houding ingeneem moes word. Is die taalkwessie van so 'n aard en van soveel belang dat die Gereformeerde Kerk hom daarby moet inlaat? Is die vrees gewettig dat oorheersing deur Engels die gereformeerde beginsels skade sou berokken? Moet



Het Gereformeerde Beginsel en de Taalkwestie.

Hoewel wij zelven meenen dat het behoud onzer taal van groot gewicht is voor de gereformeerde gezindheid, verlangen wij toch eens degelyk ingelicht te worden omtrent het standpunt hetwelk de *gereformeerden* in die voor Zuid Afrika zoo netelige Taalkwestie moeten innemen.

Wij achten dat al onze jongelui er bij zullen profiteeren, indien onse eereleden en ook andere personen, die genegen zijn om ons in te lichten, zoo goed willen zijn hunne *veer gewenschte* antwoorden op die hiervolgende vragen in "Het Kerkblad" te publiceer:

1. Is de taalkwestie in Zuid Afrika van dien aard en van soveel belang voor ae Geref. Kerk dat zij haar daarmee behoeft of moet in te laten?
2. Indien wel.—op welke wijze dan, en in hoeverre?

3. Is de vrees gewettigd dat door overheersching der Engelsche taal de geref. beginselen schade zullen lijde?

4. Kunnen en moeten wij gereformeerden de kennis der Engelsche taal ons niet ten nutte maken om onse beginselen ook in Engelsch sprekende kringen te doen veld winnen?

5 Hangt de bloei van het gereformeerde beginsel in Zuid Afrika van onse Hollandschsprekende bevolking af?

6. Zoo ja,—wat is dan de roeping van ieder gereformeerde ten opzichte der Hollandsche taal?

7. Beantwoorden wij in dezen aan onse verplichting?

Namens het Corps

V. V.

1.3.16

Krappiger vrae van studentekant, in Het Kerkblad

15.11.1894.

die Engelse taal nie huis aangewend word om die beginsels ook in Engelssprekende kringe te bevorder nie? En hang die bloei van die gereformeerde beginsels af van die Hollandssprekende bevolking? En, indien wel, wat is die roeping van elke Gereformeerde ten opsigte van die Hollandse taal?¹¹¹

K van Rijssen van Pretoria, wat lid was van die kommissie wat in 1894 met die saak gehandel het, het kort hierna in 'n reeks artikels in *Het Kerkblad* die kollig skerp op die kwessie laat val,¹¹² en ernstige beskuldigings teen die gees en rigting van die Teologiese Skool uitgespreek.

In effek het sy betoog neergekom op 'n beskuldiging teen kerkbesture dat hulle die gemeentes bedrieg deur geld te gebruik vir die opleiding van nie-predikante, en dat die Teologiese Skool toekomstige predikante in 'n anti-nasionale en anti-gereformeerde gees oplei.

Ter stawing van sy standpunte wys Van Rijssen daarop dat "bij onse jongelingen als het ware het lust vergaan om voor predikant te studeeren" en wel omdat geld en leerkrakte wat vir die teologie bestem was, vir die opleiding van prokureurs benut word. Daar is 'n kroniese behoefte aan predikante, maar dit kom nie verder nie "dan een en twee, tegenover een kleine dertig literatoren". Die teologiese professor word byna oorbodig en voel hom verplig om sy kragte in die Literariese Departement te gebruik.

Verder: dit is tog wenslik, en bloot natuurlik, "dat onse sonen, die weldra als leeraren den kansel zullen beklimmen, en voorgangers hunnes volks zullen worden, in echt Nationalen geest worden opgeleid". Dit kan egter nie gesê word van diegene wat die Kaapse matriek afle nie: die Kaapse eksamens is beslis nie Gereformeerde nie, maar openbaar eerder tendense van Metodisme en Modernisme.

En dan betrek Van Rijssen die Korpsvrae by die argumentering. In die pasgestigte studentekorps "komt de Kaapsche aap reeds mooi uit de mouw kijken" en toon die "schijnbare onnoozele" vrae vir hom "hoe reeds het nationaliteits-gevoel is verzwakt en de grenzen der Gereformeerden beginselen zijn verflauwd". Hoe het hy dit dan nou, sê-vra Van Rijssen: "Voor een jong mens uit Holl. Afrikaanschen bloede van Gereformeerde huize en onder beademing van den geest einer Geref. Theol. School, moet elk dier vragen boven de minste bedenking verheven zijn."¹¹³

Ontvredeheid oor die breër opleiding wat aan die Teologiese Skool gegee word, het reeds in 1892 na vore getree toe ds MPA Coetzee (jnr) daarop gewys het dat sedert die reorganisasie in 1876 (die instelling van die Literariese Departement) slegs drie predikante



afstudeer het, en dat gemeentes dus duisende ponde moet betaal vir 'n skool wat nie meer aan sy doel beantwoord nie. Prof Cachet het vinnig reageer deur aan te toon dat niemand om die bos gelei is nie en dat dit vanuit die staanspoor die gedagte was om laer sowel as hoër onderwys te verskaf.¹¹⁴

Die beskuldigings wat Van Rijssen gemaak het, was van 'n baie ernstige aard en prof Jan Lion Cachet, wat pas in Junie 1894 as voltydse professor in Teologie bevestig is, moes tot die verdediging toetree. Hy doen dit in 'n reeks artikels in die kerkmondstuk *Het Kerkblad*, waarvan hy die redakteur was.

Met vers en kapittel, te wete artikel 77 van die notule van die sinode van 1869, toon Cachet die dubbele doelstelling by die totstandkoming van die Teologiese Skool aan. In 1876 is, weer met sanksie van die sinode, oorgegaan tot die implementering van daardie besluit. En terloops doen hy 'n regstelling: prokureurs word nie opgelei nie, daar word slegs basiese opleiding vir verdere studie elders verskaf.¹¹⁵

In 'n tweede aflewering verwerp Cachet ook Van Rijssen se stelling dat toekomstige predikante anti-nasionale en anti-gereformeerde opleiding ontvang, "daar eigenlik alles afhangt van die leeraren en die richting der school". Die Kaapse eksamens forseer nie dosente om anti-nasionaal en anti-gereformeerde te wees nie.

Cachet ontken verder ten sterkste, met uitvoerige motivering, dat die Teologiese Skool deur inskakeling by die Kaapse stelsel Hollands as taal opoffer. Hy toon aan dat 'n teologiese student die laaste vyf jaar, die gewigtigste jare, alles in Hollands studeer. Cachet tree ook in die bresse vir die studentekorps en sê dat hy hulle eintlik geadviseer het om hul probleme in die kerk mondstuk op te haal: "Die vragen zijn levensvragen voor Z. Afrika, en niet het minst voor de Z.A. Republiek ... Juist om diskussie uit te lokken kwamen zij als vragen voort."¹¹⁶

In sy derde artikel bestempel Cachet dit as onwaar dat die bestaan van die Literariese Departement studente se lus Demp om vir predikant te studeer, of dat kontak met die literariese studente nadelig was. Dis eerder andersom: dit dien as kweekplek vir die teologiese klas, terwyl die teologiese klas, vanweë hul gevorderde jare, die hoofklas bly en uitnemende invloed uitoefen. Die gees van die skool is goed en studente is ywerige lede van die kerk, wat toon dat die Christelike atmosfeer van die Teologiese Skool vir hulle nuttig is.¹¹⁷

In 'n vierde en laaste artikel weerlê Cachet die beskuldiging dat die bestaan van die Literariese Departement, vir rekening van die gemeentes, in stryd met gereformeerde beginsels en dus met die Woord van God is, dat onderwys net die taak van die ouers en nie ook van die kerk is nie.¹¹⁸

Gegee die sterk emosies rondom die kwessie sedert 1894, sou verwag kon word dat die kwessie van verplasing al dan nie van die Teologiese Skool die tonge los sou hê tydens die 1897-sinode. Vreemd genoeg dien daar egter geen beskrywingspunte in hierdie verband nie. Die rapport van die kuratore, waarin bloot sydelings in verband met die oprigting van geboue na die saak verwys is, is by tertafellegging na 'n lywige kommissie van twaalf lede verwys, saam met prof Cachet in adviserende hoedanigheid. In hul verslag aan die sinode is aanbeveel dat nie tot oorplasing na die ZAR oorgegaan word nie omdat die omstandighede sedert die vorige sinode nie verander het nie. Dit word gevolglik na die volgende sinode verwys.¹¹⁹ Die aanbeveling is met oorgrote meerderheid aanvaar, teenoor 'n voorstel van Potchefstroomse ouderling G Yssel, wat wou hê dat die Skool na die ZAR verplaas sou word.¹²⁰

Dit is insiggewend dat daar wel 'n kommissie aangewys is om die finansiële implikasies van 'n oorplasing, soos byvoorbeeld die koste van geboue in die ZAR, te ondersoek.¹²¹ Die verwysings na die ZAR in beide aanvaarde voorstelle gee 'n aanduiding van die rigting waarin die gedagtes beweeg het.

1.3.7 Donker wolke ...

Die wolk van onsekerheid wat oor Burgersdorp as volgehoudene bestemming van die Teologiese Skool van die Gereformeerde Kerk ingeskuiif het, het al hoe donkerder geword. Die afwagtende houding waarmee sake rakende die toekoms van die Skool hanteer is, soos byvoorbeeld die kroniese tekort aan losiesgeriewe vir studente, asook die toonaard van besluite op kuratore- en sinodale vlak, was as't ware die skrif aan die muur vir sover dit die voortbestaan van hierdie inrigting te Burgersdorp betref.

Maar donker wolke van 'n ander aard – oorlogswolke wat vinnig begin saampak en 'n donker skaduwee oor die lengte en breedte van Suid-Afrika begin gooi het – sou 'n veel groter en meer onmiddellike bedreiging inhoud. Ook vir die Burgersdorpers.